

GEVOLGTREKKING, SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

9.1 INLEIDING

Dit het in hierdie navorsing primêr gegaan om die invloed van vaderidentifikasie op skolastiese prestasie vas te stel. Vaderidentifikasie van die seun neem die belangrikste plek in in hierdie studie; derhalwe val die klem op die vaderidentifikasie van die seun in die sekondêre skoolfase en sy skolastiese prestasie.

Om 'n beter beeld van die vaderidentifikasie van die seun en sy skolastiese prestasie te verkry, is drie leerlinggroepe betrek. Die seun in die gewone kursus is telkens gespieël teen die dogter in die gewone kursus, asook teen die seun in die praktiese kursus. Aangesien die aantal dogters in die praktiese kursus te min was om in 'n meervoudige regressie-analise te gebruik, is hulle weggelaat (vgl. par. 7.1 en 7.5.2).

Skolastiese prestasie, die afhanklike veranderlike, is geoperasionaliseer tot gemiddelde punt in standaard sewe, met persentasie vir Afrikaans, Engels en Wiskunde in standaard sewe respektiewelik, as verdere komponente van skolastiese prestasie (vgl. par. 7.1 en 7.4.1). Om die verband tussen vaderidentifikasie

en skolastiese prestasie in die regte perspektief te oorweeg, is die verband tussen moederidentifikasie en skolastiese prestasie asook tussen gesinsidentifikasie en skolastiese prestasie ook bepaal (vgl. par. 7.1).

Die affektiewe intreekenmerke en kognitiewe intreegedrag van die kind het 'n besondere invloed op die manier waarop hy sy skoolopdrag hanteer en uitvoer en daarom sal dit ook sy skolastiese prestasie beïnvloed. Die affektiewe intreekenmerke hang nou saam met vaderidentifikasie, terwyl vaderidentifikasie self ook as 'n affektiewe intreekenmerk beskou is. 'n Groot aantal affektiewe intreekenmerke en ook eksemplare van kognitiewe gedrag, is derhalwe saam met vaderidentifikasie, moederidentifikasie en gesinsidentifikasie as onafhanklike veranderlikes gebruik.

'n Aantal analyses is op die hele groep proefpersone uitgevoer waarmee die hipoteses wat vir hierdie groep gestel is, getoets is. Met behulp van 'n faktoranalise is die aantal veranderlikes sinvol verminder en ook saam gegroep waar 'n interafhanklikheid vasgestel kon word.

Dit is in vooruitsig gestel dat vaderidentifikasie nie so 'n beduidende invloed op skolastiese prestasie sal uitoefen nie, juis omdat daar soveel onafhanklike veranderlikes is wat skolastiese prestasie kan beïnvloed (vgl. par. 7.2.6). Die moontlikheid is ook genoem dat vorige kennis, I.K. en selfs van die ander

affektiewe intreekenmerke 'n groter invloed op skolastiese prestasie kan uitoefen as vaderidentifikasie (vgl. par. 7.2.6). Dit is ook genoem dat die invloed van vaderidentifikasie op skolastiese prestasie juis by die onder- en oorpresteerders moontlik duideliker na vore sal kom (vgl. par. 7.2.6); derhalwe is 'n aantal oorpresteerders, *gemiddelde* presteerders en onderpresteerders in elkeen van die komponente van skolastiese prestasie met behulp van meervoudige regressie-analise, vir elkeen van die genoemde drie leerlinggroepe, geïdentifiseer. 'n Aantal analises is daarna met hierdie groeplikes uitgevoer deur die *nuwe* veranderlikes as afhanklike veranderlikes te gebruik. Die hipoteses wat vir die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders gestel is, is vervolgens getoets.

Sekere resultate wat verkry is deur die gebruik van die vraelyste wat deur die ander navorsers saamgestel is, is nie direk gebruik by die toets van die hipoteses wat vir hierdie navorsing gestel is nie en is daarom nie in hoofstuk agt volledig weergegee nie. Hierdie resultate sal egter wel gebruik word by die gevolgtrekkings en ook by die navorsingsperspektiewe wat in hierdie hoofstuk hanteer word, derhalwe sal genoemde resultate in hierdie hoofstuk redelik volledig aangehaal word.

9.2 GEVOLGTREKKINGS UIT NAVORSINGSRESULTATE

9.2.1 Vaderidentifikasie en skolastiese prestasie

Uit tabel 8.2, die korrelasiematriks, is 'n aantal korrelasiekoëffisiënte tussen gemiddelde persentasie in standerd sewe en vaderidentifikasie, moederidentifikasie en identifikasie met gesin, verkry. Dit word weergegee in tabel 9.1.

TABEL 9.1 KORRELASIEKOEFFISIËNTE TUSSEN GEMIDDELDE PERSENTASIE IN STANDERD SEWE EN 'N AANTAL VERANDERLIKES

Nr.	Onafhanklike veranderlike	Korrelasiekoëffisiënt (r)
53	vaderidentifikasie - Itkin	-0,01
54	vaderidentifikasie - Eksteen	-0,11
63	moederidentifikasie - Itkin	-0,07
64	moederidentifikasie - Eksteen	-0,16
65	identifikasie met gesin - Rundquist en Sletto	-0,15

Alhoewel daar nie vasgestel is of dit beduidend is nie, is dit nogtans opvallend dat vir albei toetse van vaderidentifikasie, 'n negatiewe korrelasie tussen vaderidentifikasie en gemiddelde persentasie in standerd sewe vasgestel is.

Ook vir die ander twee veranderlikes en skolastiese prestasie waarteen die verband tussen *vaderidentifikasie* en skolastiese prestasie telkens gespieël is, naamlik: *moederidentifikasie* en skolastiese prestasie asook *identifikasie met gesin* en skolastiese prestasie, is negatiewe korrelasies gevind (vgl. tabel 9.1). 'n Verklaring vir die negatiewe korrelasies is nie voor die hand liggend nie, maar redes sal moontlik gevind word nadat die resultate soos dit uit die literatuurstudie na vore kom, vergelyk word met die resultate van die eksperimentele ondersoek (vgl. par. 9.3).

In die analyses wat met die groot groep proefpersone uitgevoer is, is die invloed van al die veranderlikes met behulp van meervoudige regressie-analise konstant gehou. Die doel daarvan was om die variansie in skolastiese prestasie, wat slegs deur vaderidentifikasie verklaar word, te bepaal. Ook hier is geen verband tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie vasgestel nie. Dit geld vir elkeen van die komponente van skolastiese prestasie naamlik:

- * gemiddelde persentasie in standerd sewe;
- * persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
- * persentasie vir Engels standerd sewe;
- * persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

Dit geld ook vir elkeen van die groepe, naamlik seuns gewone kursus, dogters gewone kursus en seuns praktiese kursus.

Daar is geredeneer dat vaderidentifikasie wel die effek

mag hê dat dit nie oor die algemeen skolastiese prestasie beïnvloed nie, maar dat dit moontlik wel 'n rol kan speel in besondere gevalle waar leerlinge probleme ondervind. Dit kom dus daarop neer dat nie-vaderidentifikasie moontlik leerprobleemgevalle kan veroorsaak sonder om, in die geheel gesien, skolastiese prestasie van sodanige leerlinge nadelig te beïnvloed. Daarom is 'n aantal oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in elkeen van die komponente van skolastiese prestasie geïdentifiseer (vgl. par. 7.2.6 en 8.9.2).

Deur die onafhanklike veranderlikes van die vorige analises nou as afhanklike veranderlikes te gebruik, is 'n eenrigting variansie-analise uitgevoer. Die gemiddelde punte behaal deur oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in elkeen van die *nuwe afhanklike veranderlikes* is bereken. Dit is vir elkeen van die groepe oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in elkeen van die komponente van skolastiese prestasie gedoen (vgl. par. 8.10.1; tabel 8.12 - 8.15).

Geen beduidende verskille kon met *vaderidentifikasie* as veranderlike tussen oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders vasgestel word nie. Dit geld vir die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in:

- * gemiddelde persentasie in standerd sewe;
- * persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
- * persentasie vir Engels standerd sewe;

* persentasie vir Wiskunde standerd sewe.
Dit geld ook vir die oorpresteerdere, presteerdere
en onderpresteerdere in elkeen van die leerlinggroepe.

Die enigste geval waar die p-waarde redelik naby aan
0,05 is, is by die seuns in die praktiese kursus wat
oorpresteerdere, presteerdere of onderpresteerdere
is in (vgl. tabel 8.13, 8.14):

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$\{F(2;41) = 2,77; p = 0,07\};$$

$$\bar{X}_{p+} = 145,73 \quad \bar{X}_p = 134,64 \quad \bar{X}_{p-} = 118,20;$$

* persentasie vir Engels standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 2,70; p = 0,08\};$$

$$\bar{X}_{p+} = 110,13 \quad \bar{X}_p = 100,00 \quad \bar{X}_{p-} = 108,27.$$

Dit is insiggewend dat dit in albei gevalle die seuns
praktiese kursus is, en wel die oorpresteerdere, pre-
steerdere en onderpresteerdere in die tale, naamlik
Afrikaans en Engels. Alhoewel die gemiddeldes daar-
op dui dat die oorpresteerdere hulle meer met die
vaders identifiseer as die ander proefpersone, kan
dit nie as sulks aanvaar word nie omdat die verskille
nie beduidend is nie ($p > 0,05$). Veral by die oor-
presteerdere, presteerdere en onderpresteerdere in
persentasie vir Afrikaans standerd sewe, is hierdie
verskille veral opmerklik. Hierdie resultate regver-
dig dit derhalwe dat verdere navorsing oor hierdie
aangeleentheid onderneem word.

In geeneen van die rigtings wat gevolg is met hierdie navorsing, kon derhalwe tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie 'n verband vasgestel word nie. Dit geld vir:

- * die korrelasiekoëffisiënt (r) wat bereken is vir die roupunte;
- * analises waar die groot groep proefpersone gebruik is;
- * analises waar die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders gebruik is.

9.2.2 Vaderidentifikasie en skolastiese prestasie gespieël teen moederidentifikasie en skolastiese prestasie asook identifikasie met die gesin en skolastiese prestasie

Soos in die vooruitsig gestel, is die verband tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie gespieël teen die verband tussen moederidentifikasie en skolastiese prestasie, asook tussen identifikasie met die gesin en skolastiese prestasie (vgl. par. 1.1.1, 7.1 en 9.1).

Dit is so dat verskillende leerlinge in verskillende vakke verskillend presteer. Daarby het dit ook uit die literatuurstudie na vore gekom dat elke ouer 'n eie rol vertolk in die huisgesin-sisteem (vgl. par. 3.3.3). Die vader verteenwoordig die buitewêreld en vertolk die instrumenteel-superieure rol. Hy is dus die ouer wat die wiskundige georiënteerdheid aan die kind sal oordra. Die moeder is die ouer wat die

ekspressief-superieure rol vertolk. Sy is ook die ouer wat die *moedertaal* vir die kind leer, wat meer gevoelsmens is en meer die *hart laat praat*. Dit is derhalwe moontlik dat die verband tussen *moederidentifikasie* en persentasie vir Afrikaans standerd sewe, asook *moederidentifikasie* en persentasie vir Engels standerd sewe, 'n groter verband sal toon as dié tussen *vaderidentifikasie* en persentasie vir Afrikaans of Engels standerd sewe respektiewelik. Alhoewel nie beduidend nie, is die proporsie van die variansie wat deur *moederidentifikasie* verklaar word, by drie van die vier komponente van skoolastiese prestasie groter, indien vergelyk met die proporsie van die variansie wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word. Dit geld vir elkeen van die leerlinggroepe ten opsigte van:

- * gemiddelde persentasie in standerd sewe;
- * persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
- * persentasie vir Wiskunde standerd sewe.

Slegs vir persentasie vir Engels standerd sewe is die proporsie van die variansie wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word, groter as dié gedeelte wat deur *moederidentifikasie* verklaar word. Dit geld vir elkeen van die drie leerlinggroepe (vgl. tabel 8.5, 8.7):

a) Seuns praktiese kursus, persentasie vir Engels standerd sewe:

- * vaderidentifikasie;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder vaderidentifikasie)}$$

$$= 0,0292; \quad p = 0,06;$$

* moederidentifikasie;

R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes
sonder moederidenti-
fikasie)

= 0,0100; p = 0,26.

b) Seuns gewone kursus, persentasie vir Engels
standerd sewe:

* vaderidentifikasie;

R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes
sonder vaderidenti-
fikasie)

= 0,0023; p = 0,41;

* moederidentifikasie;

R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes
sonder moederidenti-
fikasie)

= 0,0007; p = 0,65.

c) Dogters gewone kursus, persentasie vir Engels
standerd sewe:

* vaderidentifikasie;

R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes
sonder vaderidentifi-
kasie)

= 0,0062; p = 0,26.

* moederidentifikasie;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes
sonder *moederidentifi-*
kasie)

= 0,0007; $p = 0,70$.

As geheel gesien is dit duidelik dat 'n verband tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie nie afgelei kon word nie. *Moederidentifikasie* lewer oor die algemeen hier 'n groter bydrae, selfs vir Wiskunde, dié vak waar die vader se betrokkenheid sterker na vore behoort te kom.

Die groter bydrae van die vader ten opsigte van Engels is moontlik daaraan toe te skryf dat Engels, in die geval van hierdie Afrikaanssprekende leerlinge, meer 'n vreemde taal is wat met die buitewêreld, die *instrumenteel-gerigte wêreld* van die vader, skakeling het.

Aangesien die moeder die ouer is wat die meeste met die gesin skakeling het, kan die afleiding gemaak word dat die *identifikasie met die gesin* ook 'n groter bydrae tot die variansie in persentasie vir Afrikaans standerd sewe sal lewer as *vaderidentifikasie*. Dit is egter slegs by die dogters in die gewone kursus die geval. By seuns in die gewone en in die praktiese kursus is die proporsie van die variansie wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word, ten opsigte van persentasie vir Afrikaans standerd sewe, groter as die proporsie van die variansie wat deur *identifikasie met*

die gesin verklaar word (vgl. par. 8.8.3.3; tabel 8.5, 8.8).

In die geval van die Wiskunde is die resultate ook anders as wat verwag is. Die proporsie van die variansie wat deur *identifikasie met die gesin* verklaar word, is groter by albei die seungroepe as die proporsie wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word. By die seuns praktiese kursus is die proporsie wat deur *identifikasie met die gesin* verklaar word, die grootste oor die hele linie van al die leerlinggroepe en al die komponente van skolastiese prestasie vir hierdie betrokke veranderlike:

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} - R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder } \\ \textit{identifikasie met die gesin}) \\ = 0,0384; \quad p < 0,05.$$

Selfs die proporsie van die variansie verklaar deur *vaderidentifikasie* ten opsigte van Wiskunde by dogters in die gewone kursus, wat meer is as die proporsie van die variansie wat deur *identifikasie met die gesin* verklaar word, is teenstrydig met die verwagting (vgl. tabel 8.5, 8.8).

Wat hierdie navorsing betref, kon derhalwe nie aangetoon word dat *vaderidentifikasie* wel 'n direkte invloed op skolastiese prestasie het nie.

Saamvattend kan die afleiding gemaak word dat *moederidentifikasie* van die kind en ook *identifikasie met die gesin*, 'n groter proporsie van die variansie in

skolastiese prestasie van die kind verklaar, as *vaderidentifikasie*.

Dit het egter uit die literatuurstudie duidelik geword dat daar eers sprake van 'n *volwaardige gesin* kan wees as die *vader* ook sý plek *langs* en *saam met* die moeder in die gesin inneem en dat die plek wat die vader in die gesin inneem, wel belangrik is. Identifikasie met die gesin kan derhalwe eers tot volle ontplooiing kom, kan eers werklik 'n volwaardige bydrae tot die skolastiese prestasie van die kind lewer indien die vader en die moeder, as gelyke venote in die gesin, elkeen sý en hããr rol vervul. Die afleiding kan dus gemaak word dat ook wat *identifikasie met die gesin* betref, dit belangrik is dat die vader sy plek in die gesin inneem.

By die seun in die praktiese kursus veral, word bewyse gevind wat dui op die betrokkenheid van die vader en wel ook die betrokkenheid van die vader in die gesin:

a) In paragraaf 9.2.1 is reeds daarop gewys dat die *p*-waardes, met vaderidentifikasie as veranderlike, wat die naaste aan 0,05 is (0,07 en 0,08) en waar verskille tussen oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders aangedui is, by die seuns in die praktiese kursus voorkom.

b) Dit is ook by die seun in die praktiese kursus waar die veranderlikes wat verwys na die vader, beduidende verskille tussen oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders aandui (vgl. par. 8.10.2.4;

tabel 8.17, veranderlikes nr. 40, 41, 43, 45, 46, 60, 117): *volledige gesin; tydperk vader afwesig; ouderdom vader oorlede; plaasvervanger vir ouer(s); tyd wat vader tuis deurbring; manlikheid, vroulikheid - Bell; tyd vaderloos.* Ook hier kom die plek van die vader in die gesin, telkens sterk na vore.

c) By hierdie seuns is, soos reeds voorheen in hierdie paragraaf genoem, die proporsie van die variansie in persentasie vir Wiskunde standerd sewe wat deur *identifikasie met gesin*, verklaar word, beduidend. Wiskunde is die vak wat dui op die instrumentele gerigtheid van die vader en kan moontlik op die betrokkenheid van die vader by die seun in die praktiese kursus dui; dit is egter die vader in gesinsverband.

Die vader, veral in gesinsverband, sal dus baie daartoe kan bydra dat sy seun in die praktiese kursus skolastiese beter presteer.

Alhoewel dit nie met hierdie navorsing direk vasgestel kon word dat daar 'n verband is tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie nie, is dit nogtans geregverdig om te beweer dat die vader as gesins-
hoof, in die gesin, wel vir die seun 'n bydrae kan lewer in sy op-weg-wees op skool.

9.2.3 Vaderidentifikasie en skolastiese prestasie gespieël teen ander kognitiewe en affektiewe faktore en skolastiese prestasie

Deur gebruik te maak van meervoudige regressie-analise is in die eerste analises, die reeks veranderlikes

konstant gehou en slegs die variansie in skolastiese prestasie wat deur vaderidentifikasie verklaar word, bepaal. Nadat die bydrae van elkeen van die ander veranderlikes tot die variansie in skolastiese prestasie bepaal is, is dit gebruik om die relatiewe bydrae van vaderidentifikasie tot die variansie in skolastiese prestasie vas te stel (vgl. par. 8.8.1).

Die besondere verband tussen kognitiewe intreegedrag en skolastiese prestasie asook affektiewe intreekenmerke en skolastiese prestasie, indien gespieël teen die verband tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie, is opvallend.

9.2.3.1 Eksemplare van kognitiewe intreegedrag

Die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie wat verklaar word deur die eksemplare van kognitiewe intreegedrag, naamlik verbale en nie-verbale I.K., is hoogs beduidend. Die volgende dien as voorbeelde:

- a) *Verbale I.K.* (vgl. par. 8.8.3.4; tabel 8.5):
- * gemiddelde persentasie in standerd sewe by seuns en dogters gewone kursus;
 - * persentasie vir Afrikaans standerd sewe; seuns gewone kursus;
 - * persentasie vir Engels standerd sewe; seuns gewone kursus.

Dit is veral opvallend dat die proporsies van die variansie in die tale wat verklaar word deur *verbale*

I.K., veral by seuns in die gewone kursus beduidend is.

b) *Nie-verbale I.K.* (vgl. par. 8.8.3.5; tabel 8.5):

* persentasie vir Wiskunde standerd sewe; seuns en dogters gewone kursus.

By seuns en dogters in die gewone kursus is die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur *verbale I.K.* verklaar word, ook groter as die proporsie van die variansie wat deur vaderidentifikasie verklaar word (vgl. par. 8.8.3.4; tabel 8.9).

Dit geld vir:

* gemiddelde persentasie in standerd sewe; seuns en dogters gewone kursus;

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe; seuns en dogters gewone kursus;

* persentasie vir Engels standerd sewe; seuns gewone kursus.

Die proporsie van die variansie in persentasie vir Wiskunde standerd sewe wat deur *nie-verbale I.K.* verklaar word, is ook groter as die proporsie van die variansie in persentasie vir Wiskunde standerd sewe wat deur *vaderidentifikasie* verklaar word.

Dit is derhalwe duidelik dat die eksemplare van kognitiewe intreegedrag wat gebruik is, naamlik *verbale I.K.* en *nie-verbale I.K.*, 'n baie groter rol speel in die skolastiese prestasie van die kind as vaderidentifikasie.

9.2.3.2 Affektiewe intreekenmerke

Soos dit uit die bespreking van die navorsingsresultate na vore gekom het (vgl. par. 8.8.3.6; tabel 8.5), is die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur die *intreekenmerke gesamentlik* verklaar word, baie hoog.

Indien die affektiewe intreekenmerke individueel as veranderlikes funksioneer, is die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie wat deur 'n groot aantal van die *affektiewe intreekenmerke* verklaar word, ook beduidend (vgl. par. 8.8.3.7; tabel 8.11).

'n Aantal van hierdie affektiewe intreekenmerke is veral baie prominent en toon 'n verband met die skolastiese prestasie van die proefpersone. In besonder word verwys na affektiewe intreekenmerke wat 'n verband toon met:

- * die ouerhuis van die proefpersone;
 - * die skool en skoolopset van die proefpersone.
- a) Affektiewe intreekenmerke wat sentreer rondom die ouerhuis (vgl. tabel 8.5, 8.11):

i) *Aanpassing tuis - Bell*:

- * gemiddelde persentasie in standaard sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes}$$

sonder *aanpassing tuis*
- Bell)

$$= 0,0288; \quad p < 0,005; \quad \text{seuns gewone kursus;}$$

- * persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes
sonder *aanpassing*
tuis - Bell)
= 0,0271; p < 0,05; seuns gewone kursus;
- * persentasie vir Engels standerd sewe;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes
sonder *aanpassing*
tuis - Bell)
= 0,0213; p < 0,05; seuns gewone kursus;
- * gemiddelde persentasie in standerd sewe;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes
sonder *aanpassing*
tuis - Bell)
= 0,0186; p < 0,005; dogters gewone kursus;
- * persentasie vir Wiskunde standerd sewe;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes
sonder *aanpassing*
tuis - Bell)
= 0,0763; p < 0,05; seuns praktiese kursus.

ii) *aantal kinders in gesin:*

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder aantal kinders} \\ \text{in gesin)}$$

$$= 0,0415; \quad p < 0,005; \quad \text{dogters gewone kursus;}$$

* persentasie vir Engels standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder aantal kinders} \\ \text{in gesin)}$$

$$= 0,0209; \quad p < 0,05; \quad \text{dogters gewone kursus;}$$

* persentasie vir Wiskunde standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder aantal kinders} \\ \text{in gesin)}$$

$$= 0,0157; \quad p < 0,05; \quad \text{seuns gewone kursus.}$$

iii) *aantal mense in huis:*

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder aantal mense} \\ \text{in huis)}$$

$$= 0,0147; \quad p < 0,05; \quad \text{dogters gewone kursus;}$$

* persentasie vir Engels standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} - R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder aantal mense} \\ \text{in huis)}$$

$$= 0,0251; p < 0,05; \text{ dogters gewone kursus.}$$

Dit is duidelik dat veral by die seuns en die dogters in die gewone kursus, die aanpassing tuis en die omstandighede by die huis, 'n besondere invloed het op die prestasies van hierdie kinders op skool. Dit kom veral sterk na vore by die tale en tot 'n mindere mate ook by die gemiddelde persentasie in standerd sewe. By die seuns in die praktiese kursus, kom die aanpassing tuis die sterkste na vore in die invloed op die Wiskunde prestasies van hierdie seuns.

Hierdie resultate bevestig wat reeds by identifikasie met die gesin vasgestel is, naamlik dat die gesin 'n besondere plek inneem by die seun en dogter in die gewone kursus. Hierdie seuns en dogters identifiseer hulle met die gesin en dit dra daartoe by om hulle skolastiese prestasies te verbeter.

Net soos by die identifikasie met die gesin, waar Wiskunde die v~~ak~~ is wat by die seun in die praktiese kursus prominent na vore gekom het, is Wiskunde ook hier ter sprake. Dit dien ter bevestiging van die vroeëre verklaring dat die vader van die seun in die praktiese kursus 'n besondere rol in sy seun se skolastiese vordering vervul.

b) Affektiewe intreekenmerke wat sentreer rondom die skool en die skooltaak van die proefpersone (vgl. tabel 8.5, 8.11):

i) *Akademiese selfkonsep een:*

* gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder } \textit{akademiese} \\ \textit{selfkonsep een})$$

$$= 0,0258; \quad p < 0,005; \quad \text{seuns gewone kursus;}$$

* persentasie vir Wiskunde standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder } \textit{akademiese} \\ \textit{selfkonsep een})$$

$$= 0,0340; \quad p < 0,05; \quad \text{seuns gewone kursus;}$$

* gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder } \textit{akademiese} \\ \textit{selfkonsep een})$$

$$= 0,0094; \quad p < 0,05; \quad \text{dogters gewone kursus;}$$

* persentasie vir Wiskunde standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder } \textit{akademiese} \\ \textit{selfkonsep een})$$

$$= 0,0340; \quad p < 0,05; \quad \text{dogters gewone kursus.}$$

Dit is duidelik dat die akademiese selfkonsep van die seun en dogter in die gewone kursus, baie belangrik is vir sukses op skool. Dit kom veral sterk na vore wat die gemiddelde persentasie in standerd sewe en persentasie vir Wiskunde standerd sewe betref.

ii) *Akademiese selfkonsep twee:*

* gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder } \textit{akademiese} \\ \textit{selfkonsep twee})$$

$$= 0,0129; \quad p < 0,05; \quad \text{seuns gewone kursus;}$$

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder } \textit{akademiese} \\ \textit{selfkonsep twee})$$

$$= 0,0304; \quad p < 0,05; \quad \text{seuns gewone kursus;}$$

* persentasie vir Engels standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder } \textit{akademiese} \\ \textit{selfkonsep twee})$$

$$= 0,0136; \quad p < 0,05; \quad \text{seuns gewone kursus;}$$

* gemiddelde persentasie vir standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder } \textit{akademiese} \\ \textit{selfkonsep twee})$$

$$= 0,0321; \quad p < 0,005; \quad \text{dogters gewone kursus;}$$

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes
sonder akademiese
selfkonsep twee)
= 0,0331; $p < 0,005$; dogters gewone kursus;

* persentasie vir Engels standerd sewe;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes
sonder akademiese
selfkonsep twee)
= 0,0480; $p < 0,005$; dogters gewone kursus.

Ook hierdie veranderlike toon hoe belangrik die akademiese selfkonsep van die seun en die dogter in die gewone kursus is vir sukses op akademiese gebied, veral wat betref gemiddelde persentasie in standerd sewe en persentasie vir tale in standerd sewe.

Die vader, as die ouer wat instrumenteel gerig is en wat die buitewêreld verteenwoordig, is ook dié ouer wat op hierdie gebied aan die kind die nodige ondersteuning kan gee. Die vader kom meer as die moeder in aanraking met professionele aktiwiteite en die beroepswêreld. Hierdie ondervinding maak hom by uitstek die ouer wat aan die kind die nodige ontsluiting en motivering op hierdie vlak kan bied. Dit kan die kind verder help en ondersteun in die ontwikkeling van sy akademiese selfkonsep wat tot 'n groot mate bepalend is vir sy skolastiese prestasie.

iii) *prestasiemotivering een*:

* gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder prestasiemoti-} \\ \text{vering een)}$$

$$= 0,0173; \quad p < 0,05; \quad \text{seuns gewone kursus;}$$

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder prestasiemoti-} \\ \text{vering een)}$$

$$= 0,0356; \quad p < 0,05; \quad \text{seuns praktiese kursus;}$$

iv) *prestasiemotivering twee*:

* persentasie vir Engels standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \\ \text{sonder prestasiemoti-} \\ \text{vering twee)}$$

$$= 0,0239; \quad p < 0,05; \quad \text{seuns gewone kursus;}$$

* persentasie vir Wiskunde standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \\ \text{sonder prestasiemoti-} \\ \text{vering twee)}$$

$$= 0,0786; \quad p < 0,05; \quad \text{seuns praktiese kursus.}$$

Die belangrikheid van die leerling se gemotiveerdheid om te presteer, indien hy sukses wil behaal op skool, word deur laasgenoemde twee veranderlikes benadruk.

v) *skoolaffek een*:

* persentasie vir Engels standaard sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} - R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder skoolaffek een)}$$

$$= 0,0406; \quad p < 0,05; \quad \text{seuns praktiese kursus;}$$

Dit is derhalwe duidelik dat hierdie twee groepe veranderlikes wat sentreer rondom:

* die huis van die proefpersone;

* die skool en die skoolsituasie van die proefpersone, 'n groter proporsie van die variansie in skolastiese prestasie verklaar as vaderidentifikasie.

9.2.3.3 Samevatting

Uit die afleidings wat in paragrawe 9.2.3.1 tot 9.2.3.2 gemaak is, is dit duidelik dat die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur vaderidentifikasie verklaar word, baie laag is in vergelyking met die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur die kognitiewe intreegedrag en die affektiewe intreekenmerke verklaar word. Anders gestel; relatief tot die invloed van kogni-

tiewe intreegedrag en affektiewe intreekenmerke, verklaar vaderidentifikasie 'n baie klein proporsie van die variansie in die skolastiese prestasie van die leerlinge.

Uit die literatuurstudie het die besondere bydrae van die vader, wat betref die ontwikkeling van die selfkonsep en akademiese selfkonsep van die seun, sterk na vore gekom. Die vader se taak om die seun te motiveer, is ook benadruk. Alhoewel, volgens hierdie navorsingsresultate, vaderidentifikasie nie beduidende proporsies van die variansie in skolastiese prestasie verklaar nie, is die besondere verband tussen, onder andere, akademiese selfkonsep en skolastiese prestasie asook prestasieмотivering en skolastiese prestasie, benadruk. Dit is veral op dié gebied waar die vader sy seun kan help om skolasties beter te presteer.

Die besondere verband tussen skolastiese prestasie en die affektiewe veranderlikes wat skakeling met die ouerhuis van die proefpersoon het, is ook benadruk. Ook hier, net soos by die *identifikasie met die gesin*, sal die vader in gesinsverband derhalwe 'n bydrae kan lewer, sy seun kan help om skolasties beter te presteer.

9.2.4 Vaderidentifikasie en sekere veranderlikes wat beduidende verskille tussen die gemiddeldes van oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders aantoon

Ook by die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders kom die besondere rol van sekere veranderlikes

wat beduidende verskille tussen die gemiddeldes van oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders uitwys, sterk na vore.

Uit tabelle 8.12 tot 8.15 en 8.17 is 'n uittreksel gemaak van sekere veranderlikes wat veral prominent is en beduidende verskille tussen oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders aandui. Dit is weergegee in tabel 9.2.

Soos in paragraaf 8.10.2.1 aangedui, kon geen beduidende verskille tussen oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders met behulp van enigene van die veranderlikes wat vaderidentifikasie meet, vasgestel word nie. Uit tabel 9.2 is dit duidelik dat veral 'n aantal affektiewe faktore, ook beduidende verskille tussen oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders kan aantoon (vgl. par. 9.2.3).

Die veranderlike *aanpassing tuis - Bell* is hier ook besonder prominent. Beduidende verskille is met behulp van hierdie veranderlike by ses verskillende groepe oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders, aangedui. Hoe swakker die kind in verhouding presteer op skool, hoe swakker is hy aangepas tuis. By seuns in die gewone kursus is beduidende verskille by die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in drie komponente van skolastiese prestasie vasgestel. Die volgende is een voorbeeld hiervan:

* gemiddelde persentasie in standaard sewe;

$$\{F(2;42) = 11,18; p < 0,01\};$$

$$\bar{X}_{p+} = 5,73 \quad \bar{X}_p = 5,93 \quad \bar{X}_{p-} = 13,93.$$

TABEL 9.2 SEKERE VERANDERLIKES WAT BEDUIDENDE VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDES VAN OORPRESTEERDERS, PRESTEERDERS EN ONDERPRESTEERDERS AANTOON

Afhanklike veranderlikes		Seuns gewone kursus	Dogters gewone kursus	Seuns praktiese kursus	Gemiddelde persentasie in standaard sewe	Persentasie vir Afrikaans standaard sewe	Persentasie vir Engel's standaard sewe	Persentasie vir Wiskunde standaard sewe	F	Grade van vryheid	p kleiner as 0,05 of 0,01	\bar{x}_p^+	\bar{x}_p	\bar{x}_p^-
Hr.														
55a	aanpassing tuis - Bell	X			X				11,10	2;42	0,01	5,73	5,93	13,93
55b	"	X				X			10,63	2;42	0,01	6,13	5,27	13,33
55c	"	X						X	4,43	2;42	0,05	5,60	8,47	11,67
55d	"		X			X			3,97	2;42	0,05	5,73	11,07	12,40
55e	"			X	X				7,04	2;267	0,01	7,96	8,32	11,51
55f	"						X		4,05	2;42	0,05	6,67	10,00	12,33
111a	skoolaffek een	X			X				5,31	2;42	0,05	7,60	5,53	4,93
111b	"	X				X			7,33	2;42	0,01	8,07	5,47	5,33
111c	"	X					X		4,02	2;42	0,05	7,53	5,73	6,47
112	skoolaffek twee			X					8,38	2;42	0,01	28,87	30,33	25,20
113a	akademiese selfkonsep een	X			X		X		15,91	2;42	0,01	14,07	10,27	8,07
113b	"	X				X			9,41	2;42	0,01	14,00	11,20	9,27
113c	"	X					X		10,32	2;42	0,01	13,27	8,67	9,87
113d	"	X						X	5,74	2;42	0,05	12,80	9,73	8,53
113e	"		X		X				9,59	2;42	0,01	13,00	8,67	9,27
113f	"		X				X		6,41	2;42	0,01	13,27	10,87	9,33
113g	"			X			X		4,38	2;42	0,05	11,33	11,73	8,13
114a	akademiese selfkonsep twee	X			X				18,42	2;42	0,01	24,47	19,60	18,60
114b	"	X				X			9,30	2;42	0,01	24,20	19,87	19,80
114c	"	X					X		10,49	2;42	0,01	23,60	19,73	18,20
114d	"	X						X	4,88	2;42	0,05	23,87	19,47	18,87
114e	"		X		X				12,83	2;42	0,01	24,27	19,20	20,13
114f	"		X			X			4,53	2;42	0,05	23,00	20,60	19,07
114g	"		X				X		4,12	2;42	0,05	22,67	20,67	18,33
114h	"		X					X	5,34	2;42	0,05	23,40	19,87	19,93
114i	"			X			X		3,11	2;42	0,05	19,40	20,40	16,53
115	prestasiemotivering een			X	X				3,29	2;268	0,05	7,64	7,67	7,08
115a	prestasiemotivering twee	X					X		3,13	2;42	0,05	11,33	9,73	8,80
116b	"		X				X		5,12	2;42	0,05	11,33	9,07	3,00
116c	"			X	X				3,25	2;268	0,05	9,35	8,56	8,29

Hierdie resultate stem ooreen met dié wat uitgewys is met die veranderlike *identifikasie met gesin*, naamlik dat hoe meer die kind oor presteer, hoe meer identifiseer hy hom met die ouerhuis (vgl. par. 8.10.2.3).

Die ouerhuis bied dus tot 'n groot mate vir die kind wat oorpresteer die nodige ondersteuning en beskerming en het 'n groter invloed as identifikasie met die vader.

Ook hier het die vader in gesinsverband derhalwe 'n besondere bydrae om te lewer, veral vir die seun wat onder presteer en hulp nodig het. Hierdie seun het reeds 'n agterstand omdat hy onder presteer. By sy ouerhuis waar hy hulp en ondersteuning moet kry, vind hy ook nie aanklank nie en hy identifiseer hom minder met sy ouerhuis en is swakker aangepas.

Die negatief akkumulerende spiraaleffek wat uit die literatuurstudie duidelik na vore gekom het, word ook hier benadruk.

Uit tabel 9.2 is dit duidelik dat met veranderlikes wat met die skool en die skoolopset van die proefpersoon 'n verband toon, beduidende verskille tussen oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders uitgewys is. Die veranderlike akademiese selfkonsep is hier besonder prominent. Hierdie veranderlikes het 'n groter invloed op onder- en oorprestering as vaderidentifikasie.

Die besondere rol van die ouerhuis, waarin die proefpersoon opgroei, kom sterk onder die aandag. Indien

die kind goed aangepas is in die ouerhuis, hom identifiseer met die gesin, sal hy die nodige morele ondersteuning tuis ervaar, en gemotiveer word om op skool te presteer. Dit sal hom help om 'n stewige selfkonsep te ontwikkel wat kan bydra tot 'n positiewe akademiese selfkonsep en sy skoolastiese prestasie sodanig verbeter dat hy selfs oorpresteerder kan wees.

Alhoewel met hierdie navorsing nie vasgestel kon word dat vaderidentifikasie beduidende verskille tussen oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders uitwys nie, word die rol en plek van die vader in gesinsverband, benadruk.

Met die bespreking van al die fasette rakende die onder- en oorpresteerder, is die hulp wat die vader aan die seun kan bied in sy op-weg-wees op skool, by herhaling uitgelig. Daar is veral vasgestel dat die oorpresteerder sterk op die vader leun (vgl. par. 6.6.6.2 en 6.6.6.3).

Ringness (1967), Danesino en Layman (1969) asook Shaw en White (1965) wys daarop dat die onderpresteerders wel met die vaders identifiseer (vgl. par. 6.6.6.2.1 - 6.6.6.2.3). Danesino en Layman (1969) asook Shaw en White stel vas dat die manlike hoë presteerders meer met die vaders identifiseer as die onderpresteerders. Laasgenoemde navorsers stel selfs vas dat die, onderpresteerders nie met die vaders identifiseer nie (vgl. par. 6.6.6.2.2 en 6.6.6.2.3).

Alles in ag genome is dit logies om af te lei dat daar wel 'n verband bestaan tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie.

Uit die bespreking van die resultate van hierdie empiriese navorsing, is dit egter duidelik dat nie vasgestel kon word dat daar wel 'n verband bestaan tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie nie (vgl. par. 9.2).

Die resultate van hierdie navorsing kom gedeeltelik ooreen met die navorsing van Ringness (1967). Hy kon ook nie 'n verskil tussen die vaderidentifikasie van leerlinge wat hoog presteer, gemiddeld presteer en swak presteer vasstel nie. In 'n vorige navorsing kon hy egter wel 'n groter mate van vaderidentifikasie vasstel by die groep wat hoog presteer as by die groep wat swak presteer (vgl. par. 6.6.6.2.1).

Die resultate van hierdie navorsing verskil ook van dié van Danesino en Layman, asook van dié van Shaw en White waarna alreeds verwys is en wat wel 'n verband kon aantoon tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie.

'n Aantal vrae doen hulleself voor oor die verskil tussen die resultate soos dit uit die literatuurstudie na vore kom en die resultate van hierdie navorsing: Weerspieël die literatuurstudie 'n valse beeld? Is die literatuurstudie derhalwe verkeerd? Is die afleidings uit die literatuurstudie verkeerd? Word die navorsingsresultate verkeerd geïnterpreteer. Is vaderidentifika-

sie so *verskuil* dat dit moeilik meetbaar is? Word die identifikasie van die seun met sy vader so *verdwerg* deur ander veranderlikes wat in hierdie navorsing ingevoer is, dat dit nie as 'n selfstandige veranderlike uitwys nie?

Die skrywer sal poog om in die bespreking verder moontlike redes uit te wys deur, onder andere, die resultate van die literatuurstudie onder die loep te neem.

9.4 MOONTLIKE REDES VIR DIE VERSKILLE TUSSEN DIE BEVINDINGE IN VERBAND MET VADERIDENTIFIKASIE SOOS DIT UIT DIE LITERAATUURSTUDIE NA VORE KOM EN DIE RESULTATE VAN HIERDIE EKSPERIMENTELE ONDERSOEK

9.4.1 Inleiding

Die skrywer het reeds daarop gewys dat navorsing waar die verband tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie die kern vorm, uiteenlopende resultate opgelewer het (vgl. par. 6.9). Soms het dieselfde navorsers selfs in twee opeenvolgende navorsingsopgaves, waar sommige van die toetsomstandighede egter verskil het, verskillende resultate verkry (vgl. par. 6.9 en die navorsing van Ringness, par. 6.6.6.2.1).

9.4.2 Vaderidentifikasie *verstrengel* met moederidentifikasie en gesinsidentifikasie

Die moontlikheid bestaan dat die vaderidentifikasie van die seun wat in 'n normale, gelukkige gesin opgroei,

so ineengestrengel is met sy identifikasie met die gesin en met sy identifikasie met die moeder, dat sy identifikasie met die vader nie selfstandig uitgewys kan word nie.

Daar is reeds op gewys dat die identifikasie van die seun met die vader altyd teen die agtergrond van die gesin gesien moet word, maar ook teen die moederidentifikasie gespieël moet word (vgl. par. 6.9). Van Dijk (s.j.), Pieterse (1971), Garbers (1972), Scholtz (1973), Rienstra (1972), De Wet en Van Zyl (1974), Van den Berg (1977) en Kruger (1977) wys almal op die gesamentlike optrede van vader en moeder in die gesin in opvoedingsverband. Die benadeling van die kind, indien die ouers nie 'n onderling gelukkige verhouding het nie en die kind derhalwe nie geborge en veilig voel nie, word deur almal benadruk (vgl. par. 3.3.1 en 3.3.2).

Die onafskeidbaarheid van die ouers en dat hulle mekaar wedersyds aanvul, word duidelik in die uiteensetting van elkeen se rolverdeling volgens die sieninge van Parsons (1956), Zelditch (1956), Van den Berg (1977) asook Cilliers en Joubert (1966) (vgl. par. 3.3).

Block, et al. (1973), Braithwaite (1939) en Hoffman (1960) wys verder op die moontlikheid van albei ouers in die gesin vir die seun se persoonlikheidsontwikkeling (vgl. par. 3.7.2.3).

Ook wat die identifikasie met 'n ouer betref, sal dit nooit uitsluitlik een ouer wees met wie die seun identifiseer nie. Kagan (1958a), Bandura, et al. (1963) en Heilbrun (1976) toon aan dat, al sou die vader vir die seun die belangrikste persoon wees met wie hy identifiseer, sal hy nog van sy moeder ook karaktereenskappe vertoon (vgl. par. 4.6). Dit is dus so dat die kind deurentyd gekonfronteer word met die vader en die moeder. Dit is daarom ook baie moontlik dat die verinnerliking van eienskappe van albei ouers sodanig *verstrengel* kan raak dat 'n *suiver* meting van hetsy vader- of moederidentifikasie nie moontlik is nie.

Heilbrun (1976) se kerngedagte dat die kind nie slegs met een ouer identifiseer nie, maar karaktereenskappe van beide ouers verinnerlik (vgl. par. 4.6), is dus moontlik die belangrikste rede waarom vaderidentifikasie as sulks nie *suiver* gemeet kan word nie en indien wel, dat dit nou saamhang met moederidentifikasie. Heilbrun (1976; 1973) se verdere verwysing na die hoogs komplekse aard van die identifikasiebegrip, die probleme om dit empiries te meet en die redes wat hy aangee waarom dit waarskynlik so is, kom hier weer ter sprake en dra nou selfs meer gewig (vgl. par. 7.7.1):

- * Dat die kind gedrag van beide ouers verinnerlik en dat die geslagsrolgedrag van die kind meer die produk is van verinnerliking van eienskappe van albei ouers.

- * Dat die ouermodelle nie *suiwer* geslagsrol-tipes is nie, die vader is nie nēt manlik en die moeder nēt vroulik nie.
- * Dat seuns en dogters verskillend reageer ten opsigte van hulle verinnerliking van die gedrag van hulle ouers.

Daar word uit die literatuurstudie ondersteuning gevind vir Heilbrun se eerste twee redes vir die moontlike *verstrengeling* en as gevolg daarvan die *onsuiwer* meting van identifikasie weens die komplekse aard daarvan.

Die identifisering met beide ouers word reeds vervat in die *verloop van identifikasie soos gesien deur die skrywer* (vgl. par. 4.4.3.2). Heilbrun se siening dat die identifikasie wat gemeet word derhalwe veel meer 'n *produk van die verinnerliking* van eienskappe van albei ouers is, is baie waarskynlik waar.

Daar is ook 'n verskil tussen die identifikasie van 'n seun met 'n sterk manlike vader en diē van 'n seun met 'n minder manlike vader. Bronson (1959), Biller (1969a; 1969b), Payne en Mussen (1956), Mussen en Distler (1959; 1960), Hetherington (1965), Lamb (1976), Hetherington en Brackbill (1963), Hetherington en Frankie (1967), Sears, et al. (1966) en Bronfenbrenner (1958) is almal eenstemmig oor hoe belangrik be-
sliste optrede van die sterk manlike vader in die huis is en dat dit sal verseker dat die geslagsrol-

ontwikkeling van die seun sterk manlik sal wees (vgl. par. 3.6.4 en 3.6.5). Mussen en Distler (1960; 1959), Hetherington en Frankie (1967), Bieri en Lobeck (1959), Hetherington (1965), Bowerman en Bähr (1973) asook Hetherington en Brackbill (1963) stem saam dat die vader wat beleidsbepaler is in die huis en sterk manlik optree, verseker dat sy seun met hom sal identifiseer.

Die groep dogters wat in hierdie navorsing betrek is, is slegs gebruik as 'n spieëlbeeld vir die seuns; derhalwe is daar nie so indringend aandag gegee aan die dogter en byvoorbeeld haar identifikasie met haar vader nie. Daar kan dus nie uitspraak gegee word in verband met Heilbrun (1973) se siening dat die dogter die eienskappe van die ouer *omvorm* voordat sy dit verinnerlik nie (vgl. par. 7.7.1).

Die skrywer stem derhalwe saam met Heilbrun dat die moontlikheid groot is dat vaderidentifikasie nie presies gemeet kan word nie, vanweë die besondere komplekse aard daarvan en as gevolg van die ander redes wat genoem is.

Dit is egter ook moontlik dat die invloed van die vader wat nie sterk manlik optree nie, selfs 'n groter negatiewe beïnvloeding het as wat Heilbrun meen. Die vraag ontstaan of die stand van sake in die RSA nie tot 'n groot mate reeds só deur die onttrekking van die vader uit die huis en as gevolg daarvan die oordra van die *gesagsdraersposisie* aan die moeder beïnvloed is, dat sy die belangriker identifikasiefiguur

geword het nie. Sears, et al. (1957) verwys reeds in 1957 na die moeder in die Amerikaanse kultuur as die *hoofversorger* en *hoofidentifikasiefiguur* (vgl. par. 4.6). Indien dit ook in die RSA die geval is, kan dit ook as h rede aangevoer word waarom vaderidentifikasie nie *suiver* gemeet kan word nie.

Indien die korrelasies tussen vaderidentifikasie en die *ander verwante identifikasies* vergelyk word, kan dit ook moontlik dui op h onderlinge *verstrengeling*. Uit tabel 8.2 word die korrelasies van h aantal verwante veranderlikes met vaderidentifikasie verkry. Dit word in tabel 9.3 weergegee.

TABEL 9.3 KORRELASIEMATRIKS TUSSEN VADERIDENTIFIKASIE EN VERWANTE VERANDERLIKES

Veranderlikes	Nr.	Moederidentifikasie - Itkin	Moederidentifikasie - Eksteen	Vaderidentifikasie - Itkin	Vaderidentifikasie - Eksteen	Identifikasie met gesin - Rundquist en Sletto	Identifikasie met eerste persoon	Identifikasie met tweede persoon	Selfbeoordeling-Eksteen
Moederidentifikasie - Itkin	63	.							
Moederidentifikasie - Eksteen	64	0,35	.						
Vaderidentifikasie - Itkin	53	0,19	0,13	.					
Vaderidentifikasie - Eksteen	54	0,17	0,35	0,09	.				
Identifikasie met gesin - Rundquist en Sletto	65	-0,06	0,30	-0,09	0,31	.			
Identifikasie met eerste persoon	61	0,26	0,51	0,10	0,30	0,13	.		
Identifikasie met tweede persoon	66	0,12	0,36	0,11	0,35	0,21	0,40	.	
Selfbeoordeling - Eksteen	51	0,15	0,44	0,15	0,34	0,16	0,38	0,28	.

Tabel 9.3 toon dat die korrelasies van *vaderidentifikasie* met *moederidentifikasie* ($r=0,35$), *gesinsidentifikasie* ($r=0,31$), *selfbeoordeling* van die proefpersoon ($r=0,34$), *identifikasie met eerste persoon* ($r=0,30$), en *identifikasie met tweede persoon* ($r=0,35$), respektiewelik redelike korrelasies lewer (vgl. tabel 8.2, 9.3). Indien dit egter vergelyk word met die ander veranderlikes wat ingesluit is, is dit hoog. Die moontlikheid bestaan hier dat *vaderidentifikasie* so hoog korreleer met die *ander identifikasies*, dat dit nie as 'n *selfstandige* veranderlike uitwys nie. Selfs *moederidentifikasie* korreleer redelik hoog met die ander vorme van identifikasie en dieselfde kan hier geld. Korrelasie wissel hier van $r=0,30$ vir *identifikasie met gesin* tot $r=0,51$, vir *identifikasie met eerste persoon* (vgl. tabel 9.3).

Die variansie in een veranderlike word deur die variansie in 'n ander verwante veranderlike verklaar, juis as gevolg van die interkorrelasie van verwante veranderlikes. Aangesien *vaderidentifikasie*, *moederidentifikasie*, *identifikasie met eerste persoon*, *identifikasie met tweede persoon*, so naby mekaar lê wil dit wel lyk asof dit 'n rede kan wees waarom *vaderidentifikasie* nie suiwer gemeet kan word nie.

9.4.3 Vaderidentifikasie en die adolessenteseun

'n Ander moontlike oorsaak waarom 'n beduidende verband tussen vaderidentifikasie en die afhanklike veranderlike, skolastiese prestasie, moeilik meetbaar is, kan

gevind word by die verhouding tussen die adolessenteseun en sy vader.

Die adolessenteseuns wat in hierdie navorsing as proefpersone betrek is (vgl. par. 7.5.1), is seuns wat uit redelik normale gesinne kom. 'n Groot persentasie van die gesinne is waarskynlik nie gebroke gesinne nie. Daar is ook nie seuns wat uiterste gevalle, byvoorbeeld geharde jeugoortreders is nie (vgl. par. 3.8.3.5), aangesien sulke gevalle na kliniekskole verwys word. As die besonderhede soos dit uit die literatuurstudie na vore kom in ag geneem word, kan aanvaar word dat by 'n groot groep van die seuns daar wel 'n redelike mate van vaderidentifikasie tussen vader en seun bestaan.

Payne en Mussen (1956), Heilbrun en Fromme (1965), Gordon (1975), Mussen, et al. (1963) asook Cava en Raush (1952) is dit eens dat dit noodsaaklik is dat die adolessenteseuns hulle met die vaders identifiseer en dat die identifikasieproses suksesvol moet verloop om te verseker dat die persoonlikheidsontwikkeling en die finale aanvaarding van die manlike geslagsrol van hierdie seuns, positief is (vgl. par. 5.5.2 - 5.5.4).

Adolessensie is egter ook die tydvak van identiteitsoeke. Gordon (1975), Johnson (1968), Cilliers en Joubert (1966), Erikson (1968; 1978a), Maier (1969), Sklansky, et al. (1969), Bernard (1966), Rogers (1978), Grinder (1973) en Scheffer (1972) verwys almal na

die verwarring en probleme wat hierdie stadium van identiteitsoeke vir die adolessent meebring (vgl. par. 5.4).

Die adolessent is in sy identiteitsoeke, veral wat sy geslagsrolidentifikasie betref, ook verward. Identifikasie met sy manlike vader is noodsaaklik vir sy manlike geslagrolidentifikasie en tog móét en wíl hy by sy eie portuurgroep, die baie kritiese dwarskykers, inskakel (vgl. par. 5.4.5). Kagan en Moss (1962) verwyys dan ook na die identifikasie van die adolessent met sy eie geslag wat die *sentrale kern* vorm en wat rigting gee in talle gedragsgebiede (vgl. par. 5.5.2). Cole (1959) benadruk dit dat die adolessent daarna streef om in sy selfkonsep so 'n groots moontlike ooreenkomst met sy eie portuurgroep te verkry, want dan veroorsaak dit vir hom die minste spanning (vgl. par. 5.4.5.1).

Die vraag ontstaan of daar nie by die adolessenteseun wat hom met sy vader identifiseer, en daardeur sy manlike geslagsrol aanvaar, so gou as moontlik 'n *oorskakeling* na 'n identifikasie met sy portuurgroep, soos Kagan en Moss dit noem, plaasvind nie. Die identifikasie van veral die seuns met 'n ander persoon, soos in die toetsprogram van hierdie navorsing met behulp van 'n vraelys (vgl. bylae C4, C5) vasgestel, kan moontlik lig werp op genoemde siening. Veral die veranderlike soos gemeet deur *identifikasie met tweede persoon - Eksteen*, toon 'n beduidende verband met skoolastiese prestasie (vgl. tabel 8.5, veranderlike nr. 66):

- * Seuns praktiese kursus; gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder identifikasie met tweede persoon)}$$

= 0,0201; $p < 0,05$.

- * Seuns gewone kursus; persentasie vir Wiskunde standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder identifikasie met tweede persoon)}$$

= 0,0152; $p < 0,05$.

Die veranderlike *identifikasie met eerste persoon - Eksteen* verklaar by seuns gewone kursus ook 'n beduidende proporsie van die variansie in gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder identifikasie met eerste persoon)}$$

= 0,0086; $p < 0,05$ (vgl. tabel 8.5, veranderlike nr. 61).

Die adollesenteseun identifiseer hom nog met sy vader, maar dit moet *verskuil* bly, sodat sy maats, daardie oorkritiese dwarskykers, nie daarvan weet nie. Hy moet ten alle koste *soos hulle wees*, dus ook *met hulle identifiseer*, nie *soos pa wees nie*, want pa is *outyds*,

anders as sy eie leeftydsgenote. Gordon (1975) wys daarop dat hierdie leeftydsgenote die medestanders, alhoewel hulle eenvormige standarde eis, ook die ontvlugtingsmedia bied om konflik, druk en spanning te ontkom (vgl. par. 5.4.5.3). Perquin (1962) se *vryheidsbeleving* van die adolessent; die *los wees van bindinge*, en Andersson en Ekholm (1971b) se *toon van onafhanklikheid* (vgl. par. 5.4.5.3), dien ook as verdere bewyse dat die adolessent op hierdie stadium hom eerder met sy maats sal identifiseer as met sy vader, of anders gestel, *voorgee* dat hy hom nie met sy vader identifiseer nie. Selfs Cole (1959) se siening dat die adolessent se selfevaluering sy gedrag bepaal teenoor ander persone, en derhalwe ook teenoor sy vader met wie hy hom identifiseer (vgl. par. 5.4.5.3), dien ook as bewys vir hierdie *skynbare weg-beweeg van die vader*.

Indien dit wel gebeur, bestaan die moontlikheid dat die adolessenteseun, ook met die voltooiing van die vraelyste, onbewustelik en moontlik selfs bewustelik, nie die werklike beeld sal weergee nie, dat sy vader-identifikasie deur identifikasie met sy leeftydsgenote verdring sal word. Indien by die voltooiing van die vraelyste *identifikasie met eerste persoon* of *identifikasie met tweede persoon* (vgl. bylae C4, C5), wat handel oor die identifikasie met ander persone, daar nie die beperking, *wat ouer is*, was nie, sou daar moontlik afgelei kon word of die adolessent hom wel meer met sy leeftydsgenote, 'n maat, 'n *jonger* persoon, identifiseer.

9.4.4 Vaderidentifikasie en ander affektiewe faktore

Dit is in vooruitsig gestel dat vaderidentifikasie nie 'n baie groot invloed op skolastiese prestasie sal uitoefen nie, juis omdat daar soveel onafhanklike veranderlikes is wat skolastiese prestasie kan beïnvloed (vgl. par. 7.2.6).

'n Groot aantal veranderlikes is ingevoer om die invloed van slegs vaderidentifikasie op skolastiese prestasie vas te stel. Soos in paragraaf 9.4.2 uiteengesit, word die variansie in een veranderlike deur die variansie in 'n ander verwante veranderlike verklaar, juis as gevolg van die interkorrelasie van verwante veranderlikes en omdat daar 'n aantal veranderlikes is wat verwant is aan mekaar (vgl. par. 9.8.4). Indirek is veral vaderidentifikasie en moederidentifikasie ook verwant aan die affektiewe faktore, omdat dit juis dié verhoudings tussen ouer en kind midde-in die gesin is wat 'n groot aantal affektiewe belewenisse vertoon. Dit is ook die vader en die moeder wat midde-in die gesin die kind voorberei, vorm, lei en ontsluit, ook wat, onder andere, sy selfkonsep en akademiese selfkonsep betref. Die vader en die moeder motiveer en moedig die kind aan om op skool so goed as moontlik te presteer. Dit kan dus aanvaar word dat 'n groot aantal affektiewe veranderlikes, soos *akademiese selfkonsep*, *prestasiemotivering*, *skoolaffek* en ander, 'n baie noue verband toon met *vaderidentifikasie* en *moederidentifikasie*. Vaderidentifikasie is ook as 'n affektiewe intreekenmerk in hierdie navorsing gebruik

(vgl. par. 7.2.5 en 9.5.2.5).

Uit tabel 8.5 (vgl. par. 8.8.3.6) is dit duidelik dat die proporsies van die variansie in skolastiese prestasie wat deur die onafhanklike veranderlikes gesamentlik verklaar word, hoogs beduidend is. Dit geld vir:

a) Gemiddelde persentasie in standerd sewe:

- * seuns gewone kursus;
- * dogters gewone kursus;
- * seuns praktiese kursus.

b) Persentasie vir Afrikaans standerd sewe:

- * seuns gewone kursus;
- * dogters gewone kursus.

c) Persentasie vir Engels standerd sewe:

- * seuns gewone kursus;
- * dogters gewone kursus.

d) Persentasie vir Wiskunde standerd sewe:

- * seuns gewone kursus;
- * dogters gewone kursus.

Blykbaar het juis gebeur wat in vooruitsig gestel is, naamlik dat die gesamentlike invloed van die groot aantal onafhanklike veranderlikes, skolastiese prestasie sodanig beïnvloed het, dat die invloed van vaderidentifikasie nie beduidend is nie, of anders gestel, nie so maklik meetbaar is nie. Dit gebeur juis omdat baie van die affektiewe faktore baie nou met vaderidentifikasie skakel en die affektiewe faktore gesa-

mentlik beduidende proporsies van die variansie in skolastiese prestasie verklaar.

9.4.5 Vaderidentifikasie en 'n *drumpeleffek*

Soos geoperasionaliseer in hierdie navorsing, het vaderidentifikasie baie min of geen invloed op skolastiese prestasie nie. Uit die literatuurstudie het dit duidelik na vore gekom dat vaderidentifikasie wel 'n invloed op skolastiese prestasie het, maar dit kon nie in hierdie eksperimentele navorsing bevestig word nie.

'n Verdere rede waarom dit moontlik nie in hierdie navorsing vasgestel kon word nie, is die *drumpeleffek* wat vaderidentifikasie vertoon. Indien 'n bepaalde vlak van vaderidentifikasie bereik is, presteer die adolessenteseun na wense, en het 'n *verhoging* in die vaderidentifikasie nie 'n verdere invloed op sy skolastiese prestasie nie. Daar kan as't ware gesê word dat 'n *verdere vermeerdering* in vaderidentifikasie *nie benodig word nie*, solank daar net nie 'n *afname* is nie.

Indien die *bepaalde vlak* van vaderidentifikasie wat nodig is egter nie bereik word nie, word skolastiese prestasie nadelig beïnvloed. In hierdie navorsing is daar moontlik baie min proefpersone wat hulle s6 swak met hulle vaders identifiseer dat dit 'n invloed het op hulle skolastiese prestasie (vgl. par. 9.4.3).

9.4.6 Samevatting

Nadat moontlike redes vir die verskille tussen die resultate soos dit uit die literatuurstudie na vore kom en die resultate van hierdie navorsing bespreek is, kan die volgende gevolgtrekking gemaak word: Die skrywer is dit eens met Heilbrun dat vaderidentifikasie besonder kompleks is en empiries moeilik meetbaar is. Die volgende redes kan aangevoer word vir die komplekse aard van vaderidentifikasie en vir die verskynsel dat dit moeilik meetbaar is:

- a) Die kind verinnerlik eienskappe van beide ouers en daarom is wat deur vaderidentifikasie of moederidentifikasie gemeet word, veel meer 'n *produk* van die verinnerliking van *eienskappe van albei ouers*.
- b) Daar is 'n groot aantal veranderlikes wat nou verwant is aan vaderidentifikasie en wat groot ooreenkomste met vaderidentifikasie toon.
- c) Vaderidentifikasie vertoon 'n *drumpeleffek*. Die seun bereik 'n *sogenaamde versadigingspunt* vir vaderidentifikasie. Indien die seun op sy pad van volwassewording, s6 deur sy vader ontsluit is dat hy di6 spesifieke vlak van volwassenheid bereik het, sal 'n verdere vermeerdering in vaderidentifikasie nie 'n groter invloed op sy skoolastiese prestasie uitoefen nie. Die *besondere en noodsaaklike vlak* van volwassenheid by die seun, kan egter net bereik word indien hy hom wel met sy vader identifiseer.

d) Die adolessenteseun wil juis as bewys van sy manlikheid, sy vermoë om selfstandig te wees, om op eie bene te staan, nie laat blyk dat hy hom nog met sy vader identifiseer nie. Hy wil hom juis skaar by sy medestanders, sy leeftydsgenote, sy kritiese dwarskykers, hom identifiseer met sy mede-adolesseent.

9.5 SAMEVATTING

9.5.1 Inleiding

Die doel met hierdie samevatting is om 'n opsomming te gee van die literatuurstudie wat in die eerste hoofstukke beskryf is. Die belangrikste bevindings van die literatuurstudie word hier beklemtoon. Nadat die eksperimentele ondersoek kortliks beskryf is, word 'n kort oorsig gegee met 'n opsomming van die belangrikste navorsingsbevindings. Na aanleiding van hierdie bevindings word sekere aanbevelings gemaak. Ten slotte word 'n aantal gebreke van hierdie ondersoek onder die aandag gebring, waarna 'n aantal navorsingsperspektiewe uitgelig word.

9.5.2 Die literatuurstudie

9.5.2.1 Die vader en die ontwikkeling van die seun, histories en kultureel gesien

Aangesien die vader en die plek wat hy inneem in die lewe van die seun, so prominent is in hierdie navorsing, is daar eerstens gepoog om vas te stel watter rol die vader deur die eeue in die lewe van sy seun vervul het.

Die vader het wel in verskillende kulture 'n bydrae gelewer in die opvoeding en ontwikkeling van die seun. Dit het egter nie slegs van kultuur tot kultuur grootliks verskil nie, maar ook in dieselfde kultuur, van geslag tot geslag (vgl. par. 2.16).

Daar kan aanvaar word dat die vader wel in sommige kulture 'n invloed uitgeoefen het op die kognitiewe ontwikkeling van die seun. Daar bestaan ook 'n moontlikheid dat die seun hom soms wel met die vader identifiseer het.

Lands- en ander omstandighede het soms meegehelp om die gesinsituasie te verander en daarmee saam ook die posisie van die vader in die gesin. In sommige gevalle het dit daartoe gelei dat die moeder die gesag van die vader in die huis oorgeneem het (vgl. par. 2.13 en 2.16).

Omdat die proefpersone wat gebruik is uit Christen-Afrikaner gesinne kom, is ook besin oor die vader-seunverhouding in hierdie gesinne. Die vader as gesinshoof is oor die algemeen nog die identifikasiefiguur. Sy woord dra die grootste gesag en hy is die beleidsbepaler. Hy is grotendeels die persoon wat straf, motiveer en vooruitsigte stel (vgl. par. 2.15). Al is hy soms baie uithuisig, bly hy nog nou verbonde aan die huisgesin en is ook 'n maat vir sy seun. Die verhouding tussen hom en sy seun is redelike gemoedelik.

9.5.2.2 Die vader as opvoeder in die ontwikkeling van die seun

Die vader neem as opvoeder in die gesin langs en teenoor sy seun plek in. Hy is egter primêr Christelike opvoeder met 'n eie lewens- en wêreldbeskouing wat as kern dien vir wat hy by sy eie seun sal ontsluit (vgl. par. 3.4). Elke ouer vervul in die gesin 'n eiesoortige rol. Die vader verteenwoordig die gemeenskap; derhalwe is sy rol na buite gerig en is instrumenteel-superieur en meerwaardig met betrekking tot gesag. Die rol van die moeder is meer na binne gerig en ekspressief-superieur (vgl. par. 3.3.3). Hierdie ekspressief-superieure rol wat die moeder vervul, kan veroorsaak dat sy haar seun se ontwikkeling onbewus in 'n vroulike rigting beïnvloed. Die vader as teenpool vir die moeder moet sorgdra dat dit nie gebeur nie en die tipies instrumenteel-gerigte, manlike eenskappe by sy seun ontsluit (vgl. par. 3.6.6, 3.8.3.3 en 3.8.4.4).

Die manlike geslagsrolaanvaarding verloop vir die seun redelik problematies. Die vader wat teenwoordig is, kan hierin vir die seun hulp verleen sodat sy geslagsrolidentifikasie gelykmatig en bykans onopsigtelik verloop. Indien die seun nie hulp ontvang nie, kan dit ontwrigtend wees en lei tot ontsporing (vgl. par. 3.6 en 3.8.3.5).

Deur sy opvoeding beïnvloed die vader die seun se persoonlikheidsontwikkeling. Dit is belangrik dat die vader reeds vroeg in die lewe van die seun aan hom hulp

verleen (vgl. par. 3.5). Die vader, indien teenwoordig, neem in elkeen van die persoonlikheidsdimensies van sy seun 'n besondere plek in (vgl. par. 3.7 en 3.8).

Die sosiale ontwikkeling van die seun kan met hulp en leiding van die vader, positief verloop. Dit sal asosiale gedrag uitskakel, maar die seun ook voorberei om met sy maats van albei geslagte, persone in gesagsposisies, waaronder ook sy onderwysers en dosente en uiteindelik ook sy werkgewer, positief te verkeer en saam te werk. Dit sal die seun ook help op skool (vgl. par. 3.8.3).

Die emosionele, seksuele en sedelike ontwikkeling van die seun sentreer rondom sy affektiewe belewenisse, waardeur sy skolastiese prestasie beïnvloed word en is daarom ook baie belangrik. Die hulp van vader aan seun is hier derhalwe ook van groot waarde vir die seun (vgl. par. 3.8). Indien die vader afwesig is en die moeder die opvoeding alleen moet waarneem, ly die seun baie skade (vgl. par. 3.6.6, 3.8.2.3, 3.8.3.3 en 3.8.4.4).

9.5.2.3 Identifikasie en vaderidentifikasie

Die psigoanaliste, met Freud as die voorloper, en die sosioloë waar Parsons die grootste bydrae gelewer het, stem saam dat daar tussen ouer en kind iets plaasvind wat daarop dui dat die kind sekere maniere, waardes, karakteristieke, beperkinge, motiverings en ideale van die ouer in sy waardesistiem inkorporeer (vgl. par. 4.3 en 4.4).

Die kind verinnerlik genoemde eienskappe van die ouer en daar vind identifikasie tussen ouer en kind plaas (vgl. par. 4.2.1 en 4.2.2).

Na deeglike besinning oor die begrip identifikasie, is op 'n eie uiteensetting van die begrip identifikasie besluit, wat ook vir hierdie studie gebruik is (vgl. par. 4.2.3.2).

Na die aanvanklike identifikasie met die moeder (vgl. par. 4.4), word die seun geleidelik bewus van die kulturele verwagtinge van sy omgewing, naamlik dat hy manlike gedrag moet openbaar (vgl. par. 3.8.2), en begin hy aanklank by die vader soek. Daar vind 'n verskuiwing plaas van identifikasie met die moeder na identifikasie met die vader (vgl. par. 4.4 en 4.2.3.2). Dit is belangrik dat hierdie verskuiwing wel plaasvind, anders kan dit by die seun lei tot wanaanpassings (vgl. par. 4.7.3).

Die algemene neiging is dat die seun hom meer met die vader identifiseer en die dogter meer met die moeder (vgl. par. 4.6).

Alhoewel identifikasie reeds vroeg begin, is die identifikasie met die ouer 'n deurlopende proses wat ook nog gedurende die adolessentestadium plaasvind (vgl. par. 4.4.3.1).

Die kind identifiseer hom nie slegs met die vader of die moeder nie, maar ook met ander volwassenes in sy lewe (vgl. par. 4.6).

Die identifikasie van die seun met die vader verseker dat hy die manlike geslagsrol aanvaar, hom daarmee identifiseer, man wil wees, sy eie manlike identiteit wil ontwikkel en vir homself 'n eie identiteit, 'n eie manlike geslagsrol wil uitbeitel na analogie van die verinnerlikte waardes en norme van 'n goedgebalanseerde, toegeneë, sterk manlike vader (vgl. par. 4.3 en 4.4.2).

Die identifikasie van die seun met sy vader oefen ook 'n invloed uit op sy sosiale volwassewording (vgl. par. 4.7.1), sy emosionele volwassewording (vgl. par. 4.7.2), sy seksuele volwassewording (vgl. par. 4.7.3) en sy sedelike volwassewording (vgl. par. 4.7.4).

Die identifikasie van die kind met die ouer ondersteun hom in sy soeke na 'n eie identiteit, dit help hom in die oplos van die probleem van wie en wat hy werklik is. Ook as identifikasiefigure vir die kind, bly die ouers opvoeders, maar opvoeders wat beelddraers van God is en die kind daarom ook as sodanig ontsluit.

9.5.2.4 Die adolessent en sy identiteitsoeke

Die adolessenteseuns en -dogters wat as proefpersone gebruik is (vgl. par. 7.5.1), is as gevolg van hulle vinnige groei (vgl. par. 5.4.2) maar ook as gevolg van die groter vryhede wat hulle het en die groter eise wat aan hulle gestel word in 'n, vir hulle, verwarrende tydperk van soeke na 'n eie identiteit (vgl. par. 5.4.4).

Die identiteitsoeke van die adolessent is ook intens verweef met sy identifikasie. Daar is 'n noue verband tussen die begrippe identiteit en identifikasie (vgl. par. 5.3). Die adolessent moet sy verwarring, wat rondom die soeke na 'n eie identiteit sentreer, oplos (vgl. par. 5.4.4). Hoe intens hierdie verwarring vir die adolessent verloop, is bespreek na aanleiding van Erikson (1978) se epigenese van identiteit (vgl. par. 5.4.4.2).

In die soeke na 'n eie identiteit moet die adolessent 'n selfkonsep ontwikkel; hy moet homself positief evalueer (vgl. par. 5.4.5). Die adolessent se vorming van 'n eie identiteit raak ook sy verhouding met sy ouers, sy dwarskykers en sy maats van die teenoorgestelde geslag (vgl. par. 5.4.5.2, 5.4.5.3 en 5.4.5.4).

Die skolastiese prestasies van die adolessent bepaal vir hom tot 'n groot mate die uiteindelijke beroepsrigting wat hy sal volg. Indien hy nie op skool sukses behaal nie, kan 'n beroepskeuse ook vir die adolessent bydra tot groter verwarring rondom sy identiteitsoeke (vgl. par. 5.4.6).

Die geslagsrolidentifikasie van die adolessenteseun verloop vir hom ook soms met angs en spanning as gevolg van die al groter wordende eise wat sy man-wees aan hom stel (vgl. par. 5.5.2). Die identifikasie van hierdie seun met sy vader help hom in sy identiteitsoeke en ook in die vorming van sy geslagsrolidentifikasie (vgl. par. 5.5.2), sy vorming van 'n

positiewe selfkonsep (vgl. par. 5.5.3), sy verwerwing van groter selfvertroue en ook sy aanpassing (vgl. par. 5.5.4). Die adolessent wat sy verwarring verwerk het en 'n positiewe selfkonsep verwerf het, behoort ook skolasties goed te presteer.

9.5.2.5 Teorie in verband met leer op skool,
 skolastiese prestasie en onder- en oor-
 prestering

Skolastiese prestasie is 'n kernaangeleentheid vir hierdie navorsing (vgl. par. 1.1.1); derhalwe is die teorie van leer op skool na aanleiding van die teorie van Bloom (1976) bespreek.

Die affektiewe intreekenmerke en kognitiewe intreegedrag wat 'n leerling in 'n skoolopdrag indra, bepaal tot 'n groot mate hoedanig die skoolopdrag verwerk word (vgl. par. 6.2.1.2 - 6.2.1.4). Vaderidentifikasie word ook as 'n affektiewe intreekenmerk aanvaar. Motivering en akademiese selfkonsep is affektiewe intreekenmerke in die skoolopdrag wat die affektiewe resultate baie sal beïnvloed. Die vader kan deur die motivering van sy seun hom help om beter te presteer (vgl. par. 6.2.1.4.2 en 6.2.1.5).

Omdat intelligensie, by die eksperimentele ondersoek, as 'n eksemplaar van kognitiewe intreegedrag in die skoolopdrag gebruik word (vgl. par. 7.2), is fasette rondom die intelligensie van die kind ook bespreek. Die ouers kan bydra tot die intellektuele ontwikkeling van die kind (vgl. par. 6.4.2).

Die ouers kan die kind ook baie help om sy skolas-
tiese prestasie te verbeter. Dit geld nie alleen
aanmoediging en die stel van eise nie, maar ook die
ouers se belangstelling in intellektuele aktiwiteite
en hulle eie prestasies op intellektuele gebied (vgl.
par. 6.4.3.2).

Die vader kan veral help om die kognitiewe ontwikke-
ling van sy seun te bevorder. Indien die vader se
werk reeds kognitiewe aktiwiteite insluit, kan dit
vir die seun dien as verdere aanmoediging (vgl. par.
6.5.2 en 6.5.3).

Aangesien die moontlikheid bestaan dat die invloed
van vaderidentifikasie op skolasitiese prestasie juis
by die onderpresterders sterker na vore sal kom, is
'n spesiale studie van onder- en oorprestering gemaak
(vgl. par. 6.6).

'n Deel van die eksperimentele ondersoek sluit die
uitsoek van oorpresteerders, presteerders en onder-
presteerders in; derhalwe is ook aandag gegee aan
die definiëring van onder- en oorprestering en ook
aan metodes wat gebruik word om die onder- en oor-
presteerders te identifiseer (vgl. par. 6.6.2 en
6.6.3).

'n Onderpresteerder is 'n leerling van wie die presta-
sie op skool voortdurend swakker is as sy vermoë.
By onderprestering ontstaan 'n negatiewe diskrepans
tussen die werklike prestasie en die vermoë van die
leerling. 'n Oorpresteerder is 'n leerling wat hoër

presteer as sy vermoë (vgl. par. 6.6.2).

Die ouers kan bydra om onder- of oorprestering in die hand te werk of uit te skakel. Die oorpresteerder het 'n baie beter verhouding met sy ouers as die onderpresteerder. Die ouers van die oorpresteerder stel wel aan hom eise, maar gee ook besliste leiding, tree konsekwent op en is hartlik, aanmoedigend en goedkeurend (vgl. par. 6.6.4.2).

Onderprestering kom baie vroeg reeds in die lewe van die kind voor en kom baie meer voor by seuns as by dogters. Sommige navorsers stel dit selfs as tweekeer soveel en dat onderprestering veral 'n manlike probleem is. Onderprestering is nie 'n verskynsel wat spesifiek deur die skoolsituasie veroorsaak word nie, alhoewel die skool onderprestering in die hand kan werk en soms selfs veroorsaak. Sommige kinders is reeds onderpresteerders by die aanvang van hulle skoolloopbaan.

Die onderpresteerder is nie baie gelukkig op skool nie, onderwerp hom nie maklik aan gesag nie en is dikwels betrokke by oortredings. Alhoewel hy ongelukkig voel oor sy swak prestasies, werk hy nie hard nie en probeer nie werklik verbeter nie (vgl. par. 6.6.4.5 en 6.6.5).

Drie verwante navorsings in verband met onder- en oorprestering en vaderidentifikasie wat bespreek is, toon aan dat daar wel 'n verband bestaan tussen onder- en oorprestering en vaderidentifikasie. Dit is egter

ook waar dat resultate nie altyd dieselfde is nie en dat 'n verband nie altyd uitgewys kon word nie (vgl. par. 6.6.6.2.1 - 6.6.6.2.3).

Die vader kan 'n besondere bydrae maak tot die skolas-tiese prestasie van die seun. Indien die vader self belangstel in akademiese prestasie en dit by sy seun aanmoedig, skerp hy dit by hom in. Sou die vader self intellektuele belangstellings hê en die seun die sukses van die vader op intellektuele en beroepsge-bied buite gesinsverband waarneem, dra dit verder by om die seun aan te moedig om self sukses te behaal. Die seun wat wel die vermoë besit, maar nie die voor-beeld van die vader het nie, ly skade as gevolg van die vader se afwesigheid (vgl. par. 6.7.2 - 6.7.4).

Die vaderidentifikasie van die adolessenteseun, kan verder bydra tot sy sukses op skolastiese gebied. Die emosioneel stabiele student se kans is goed om 'n sukses van sy studie te maak. Identifikasie van seun of dogter met die vader verseker emosionele stabiliteit (vgl. par. 6.7.5). Identifikasie met die vader lei ook tot 'n beter aanpassing op skool (vgl. par. 6.7.6). Die motivering en aanmoediging van die ouer wat ook die identifikasie-model is, ver-seker dat die akademiese mikpunte van die ouer deur die kind oorgeneem word. Indien die ouer self die voorbeeld stel, self hardwerkend is en op akademiese gebied suksesvol is, sal dit vir die kind verder dien as motivering (vgl. par. 6.7.7 en 6.7.8).

9.5.3 Die eksperimentele ondersoek

Na die literatuurstudie is 'n eksperimentele ondersoek gedoen. Al die standerd agt-leerlinge van Afrikaanse sekondêre skole in Suidwes-Transvaal in die Potchefstroomstreek van die Transvaalse Onderwysdepartement, het die populasie van hierdie ondersoek gevorm (vgl. par. 7.5.1). 'n Steekproef is uit die skoolpopulasie getrek deur gebruik te maak van gestratifiseerde bundelsteekproefneming. Die standerd agt-skoolpopulasie was ingedeel in 175 klasse in 33 skole. Twintig klasse is ewekansig uit twaalf skole verkry. 'n Groep van 544 leerlinge, 308 seuns en 236 dogters, is betrek (vgl. tabel 7.2). Omdat sommige van die leerlinge afwesig was gedurende die afneem van die vraelyste en die besonderhede van sommige nie beskikbaar was nie, asook as gevolg van ander redes, is 378 proefpersone uiteindelik gebruik (vgl. par. 7.5.2; tabel 7.4).

Vraelyste is gebruik om die verlangde biografiese gegewens in te win. Om vader-, moeder- en gesinsidentifikasie te bepaal, is van bestaande vraelyste en ook van vraelyste wat deur die skrywer saamgestel is, gebruik gemaak (vgl. par. 7.7.2.1, 7.7.2.2 en 7.7.3.1). Identifikasie met ander persone, die beoordeling van die self, asook die opvoedende betrokkenheid van die ouers, is ook bepaal deur vraelyste te gebruik wat deur die skrywer saamgestel is (vgl. par. 7.7.3.3, 7.7.3.2 en 7.7.3.4). Vir die meting van sekere affektiewe intreekenmerke en ander veranderlikes, is die aanpassingsvraelys van Bell gebruik

(vgl. par. 7.7.2.3). Die verbale, nie-verbale en totale I.K. van die leerlinge, asook hulle skolas-tiese prestasies in standerd drie, vyf en sewe en ook hulle persentasies in sekere vakke, onder andere, Afrikaans, Engels en Wiskunde, is vanaf hulle Ed. Lab. 1-verslagkaarte verkry (vgl. par. 7.7.4 en 7.3). Ander gegewens wat gebruik is, soos mobiliteit, opvoedingspeil van ouers, aspirasies van ouers vir hulle kinders, beroep van ouers, aantal kinders in gesin, aantal mense in huis, huisgrootte, beroeps-aspirasies van kind, ouderdom moeder oorlede en ander traumatiese gebeure, is verkry uit of afgelei van die vraelys van die sosio-ekonomiese status (vgl. par. 7.7.5).

Deur vraelyste in te sluit wat ander navorsers gebruik, is nog affektiewe intreekenmerke, wat as onafhanklike veranderlikes gebruik is, verkry (vgl. par. 7.10). Die volgende vraelyste is hierby ingesluit: 'n verhoudingsvraelys, 'n selfkonsepinventaris, 'n affek-vraelys, 'n selfondersoekvraelys, 'n vraelys oor die identiteit van die proefpersone asook 'n vraelys in verband met die houding en gevoel van die leerling teenoor sy vakonderwysers (vgl. par. 7.10.1 - 7.10.6).

Al die gegewens is met behulp van meervoudige regres-sie-analise verwerk. Die rekenaarprogram is gebruik om 'n oorsig te verkry van die verspreiding van die veranderlikes. Gegewens wat hieruit verkry is, is ook gebruik om histogramme te trek (vgl. par. 7.12.2).

Die verband tussen al die veranderlikes is met 'n korrelasiematriks aangetoon (vgl. par. 7.12.2; tabel 8.2).

'n Volledige faktor-analise is vervolgens uitgevoer om die aantal veranderlikes sinvol te verminder en om 'n beeld te kry van die interafhanklikheid van die gegewens (vgl. par. 8.3 - 8.6).

In die eerste analises is die hele groep proefpersone betrek. 'n Reeks veranderlikes is ingesluit en word as kontrole gebruik. Deur meervoudige regressie-analise te gebruik, is die veranderlikes konstant gehou en die variansie in skolastiese prestasie wat slegs deur vaderidentifikasie verklaar word, bepaal. Die bydrae van elkeen van die veranderlikes tot die variansie in skolastiese prestasie, is ook bepaal. Deur die bydrae van vaderidentifikasie tot die variansie in skolastiese prestasie te vergelyk met die bydrae van elkeen van die veranderlikes, is die relatiewe bydrae van vaderidentifikasie op skolastiese prestasie vas-gestel (vgl. par. 7.12.2 en 8.8).

Meervoudige regressie-analise is gebruik om 'n voorspelling te maak ten opsigte van onder- en oorprestering. Die I.K.-punte is aanvaar as aanduiding van die leerlinge se vermoë. Die studievlak van die vader en die moeder, die beroep van die vader en die grootte van die gesin is egter ook as kriteriumveranderlikes gebruik. Met behulp van die rekenaarprogram is vir elke proefpersoon 'n punt voorspel wat hy behoort te behaal deur sy I.K. en die ander kriteriumverander-

likes te gebruik. Die vyftien oorpresteerders, vyftien presteerders en vyftien onderpresteerders in elkeen van die komponente van skolastiese prestasie en vir elkeen van die leerlinggroepe, is daarna uitgesoek. Hierdie proefpersone is vir die verdere analises gebruik.

Die onafhanklike veranderlikes is vir hierdie analises as afhanklike veranderlikes gebruik. Deur 'n eenrigting variansie-analise met behulp van die rekenaarprogram uit te voer, is vasgestel of die gemiddeldes behaal deur die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders ten opsigte van elke bepaalde veranderlike, beduidend van mekaar verskil (vgl. par. 8.9 en 8.10.1).

9.5.4 Bevindings uit die eksperimentele ondersoek

Omdat die gevolgtrekkings uit die navorsingsresultate reeds volledig bespreek is in paragraaf 9.2, word dit nie weer in detail hier herhaal nie. Daar word slegs baie kortliks na die belangrikste navorsingsresultate verwys en hier en daar verdere verklarings en gevolgtrekkings gemaak. Volledigheidshalwe en om 'n duidelike beeld te verskaf, word die belangrikste navorsingsresultate egter tog weergegee, veral waar dit vaderidentifikasie raak. Die navorsingsresultate wat egter reeds in paragraaf 9.2 volledig aangehaal is, word nie hier herhaal nie.

9.5.4.1 Die verband tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie

Vir die groot groep proefpersone kon nie 'n verband tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie vasgestel word nie (vgl. par. 8.8.3.1).

Die grootste proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat verklaar word deur *vaderidentifikasie*, as die invloed van al die onafhanklike veranderlikes konstant gehou word, is dié ten opsigte van persentasie vir Engels standerd sewe van seuns in die praktiese kursus:

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} - R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder vaderidentifikasie)}$$

$$= 0,0292; p = 0,06.$$

Dit word gemeet deur die veranderlike *vaderidentifikasie - Eksteen* (vgl. tabel 8.5, veranderlike nr. 54).

Geen beduidende verskille tussen die gemiddeldes ten opsigte van *vaderidentifikasie* by oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in enige een van die komponente van skolastiese prestasie en by enige een van die leerlinggroepe kon vasgestel word nie. Die enigste verskille waar die p-waardes redelik naby aan 0,05 is, is die volgende (vgl. par. 8.10.2.1; tabel 8.13, 8.14):

* *vaderidentifikasie - Eksteen*; seuns praktiese kursus: persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$\{F(2;41) = 2,77; p = 0,07\};$$

$$\bar{X}_{P^+} = 145,73 \quad \bar{X}_P = 134,64 \quad \bar{X}_{P^-} = 118,20;$$

* vaderidentifikasie - Itkin; seuns praktiese kursus: persentasie vir Engels standaard sewe;

$$\{F(2;42) = 2,70; p = 0,08\};$$

$$\bar{X}_p^+ = 110,13 \quad \bar{X}_p = 100,00 \quad \bar{X}_p^- = 108,27.$$

Daar kon derhalwe nie met hierdie navorsing vasgestel word dat vaderidentifikasie enigszins 'n invloed op die skolastiese prestasie van die proefpersone uitoefen nie.

Alhoewel dit in vooruitsig gestel is dat vaderidentifikasie moontlik nie so 'n groot invloed op skolastiese prestasie sal uitoefen nie, is dit tog gesuggereer dat die onderpresteerder moontlik meer met die vader sal identifiseer. Ook by die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders kon egter geen beduidende verskille vasgestel word nie.

Alhoewel die resultate nie beduidend is nie, is dit insiggewend dat die resultate waarvan die p-waardes die naaste aan 0,05 is, by die groot groep proefpersone sowel as by die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders, wel by die seuns in die praktiese kursus is. Dit is juis vir die seuns in die praktiese kursus in vooruitsig gestel dat hulle identifikasie met die vaders anders sal verloop as by die seuns in die gewone kursus. Hierdie twee groepe seuns is dus ook met mekaar vergelyk. Die moontlikheid is groot dat genoemde resultate dui op die behoefte van die seun in die praktiese kursus om hom wel met die vader te identifiseer, omdat hy hulp nodig het in sy skool-

opset. Die feit dat die seun in die praktiese kursus hom met die gesin identifiseer en dat daar by hierdie seuns 'n groot aantal veranderlikes is wat beduidende proporsies van die variansie in skolas-tiese prestasie verklaar en wat na die vaders van hierdie seuns verwys (vgl. par. 9.2.1 en 8.10.2.4; tabel 8.5, 8.17), bevestig hierdie bespreking.

9.5.4.2 Die verband tussen moederidentifikasie en skolas-tiese prestasie

Slegs die proporsie van die variansie in gemiddelde persentasie in standerd sewe by dogters gewone kursus, wat verklaar word deur *moederidentifikasie*, is be-duidend (vgl. tabel 8.5, veranderlike nr. 63):

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} - R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder } \\ \text{moederidentifikasie)}$$

$$= 0,0070; \quad p < 0,05.$$

Moederidentifikasie lewer slegs beduidende verskille tussen die gemiddeldes van oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in persentasie vir Afri-kaans standerd sewe, en wel by die volgende groepe:

* seuns gewone kursus;

$$\{F(2;42) = 3,38; \quad p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_p^+ = 109,13 \quad \bar{X}_p = 107,20 \quad \bar{X}_p^- = 119,60$$

* dogters gewone kursus;

$$\{F(2;42) = 3,84; \quad p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_p^+ = 105,73 \quad \bar{X}_p = 116,67 \quad \bar{X}_p^- = 124,07 \text{ (vgl.} \\ \text{par. 8.10.2.2; tabel 8.13).}$$

Soos ver wag is, identifiseer die dogters hulle met die moeders. Die moeder wat die ekspressief-superieure rol vervul, is ook dié ouer by wie die kind vir die moedertaal aanklank vind. Sy is die ouer wat die moedertaal vir die kind aanleer (vgl. par. 9.2.1). Die beduidende verskille tussen die gemiddeldes van oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders wat deur moederidentifikasie vir seuns en dogters gewone kursus vasgestel is, wys daarop dat hierdie seuns en dogters wat oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in persentasie vir Afrikaans standerd sewe is, hulle juis met die moeders identifiseer. Die seuns en dogters in hierdie groep, wat in verhouding swakker presteer as hulle vermoë, identifiseer hulle ook méér met die moeders.

9.5.4.3 Die verband tussen identifikasie met die gesin en skolastiese prestasie

Slegs die proporsie van die variansie in persentasie vir Wiskunde standerd sewe, by seuns praktiese kursus is hier beduidend (vgl. tabel 8.5, veranderlike nr. 65). Die proporsie van die variansie wat verklaar word deur *identifikasie met gesin*, as die invloed van al die ander veranderlikes konstant gehou word, is:

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} - R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder } \textit{identifikasie met gesin})$$

= 0,0384; $p < 0,05$ (vgl. par. 8.8.3.3; tabel 8.5).

Identifikasie met gesin lewer wel beduidende verskille tussen die gemiddeldes van oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in persentasie vir Afrikaans standerd sewe by die volgende groepe (vgl. par. 8.10.2.3; tabel 8.13):

* seuns gewone kursus;

$$\{F(2;42) = 3,44; p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_{p+} = 48,07 \quad \bar{X}_p = 45,53 \quad \bar{X}_{p-} = 55,80;$$

* dogters gewone kursus;

$$\{F(2;42) = 3,64; p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_{p+} = 45,60 \quad \bar{X}_p = 51,33 \quad \bar{X}_{p-} = 59,33.$$

Daar is reeds verwys na die seun in die praktiese kursus wat hom met die gesin identifiseer en die moontlike aansluiting van hierdie identifikasie by sy identifikasie met sy vader (vgl. par. 9.5.4.1). Die feit dat dit juis die Wiskunde is by die seun in die praktiese kursus, suggereer ook dat hy hulp soek in die gesin en wel by die vader in die gesin, dié ouer wat die instrumenteel-superieure rol vervul. Die groter proporsie van die variansie in persentasie vir Wiskunde standerd sewe, wat deur vaderidentifikasie verklaar word by seuns in die praktiese kursus, indien vergelyk met die proporsie van die variansie verklaar deur nie-verbale I.K., wys ook op die vaderidentifikasie van hierdie seuns (vgl. par. 8.8.3.5).

Net soos by moederidentifikasie, is dit seuns en dogters in die gewone kursus wat oorpresteerders,

presteerders en onderpresteerders in persentasie vir Afrikaans standerd sewe is, by wie daar beduidende verskille met behulp van moederidentifikasie aange-ton is.

Die belangrike plek wat die ouerhuis inneem by die seuns en dogters in die gewone kursus, veral wat die tale betref, word hiermee benadruk. Hierdie seuns en dogters in die gewone kursus is meer akademies gerig as die seuns in die praktiese kursus en is waarskynlik meer afhanklik van enige moontlike hulp ten einde sukses te behaal op akademiese gebied, daarom ook die identifikasie met die gesin. Die resultate wys ook daarop dat die seuns en dogters in die gewone kursus wat selfs beter presteer as hulle vermoë, dit wil sê die oorpresteerders, hulle meer met die ouerhuis identifiseer as die ander. Dit dien ook as bewys dat, indien die kind hom met die gesin identifiseer, hierdie identifikasie daartoe kan bydra dat hy skolasties beter presteer.

Die belangrikheid van die gesin, en daarmee gepaardgaande die rol van die vader en die moeder, word hier benadruk. Die vader en die moeder is die hooffigure in die gesin en hulle verleen aan die kind hulp in sy skolastiese vordering.

9.5.4.4 Die verband tussen verbale I.K. en skolastiese prestasie asook nie-verbale I.K. en skolastiese prestasie

Volgens tabel 8.5 en paragrawe 8.8.3.4 en 8.8.3.5 is

die volgende vasgestel:

a) Vir seuns in die gewone kursus bestaan daar 'n verband tussen:

- * verbale I.K. en gemiddelde persentasie in standaard sewe;
- * verbale I.K. en persentasie vir Afrikaans standaard sewe;
- * verbale I.K. en persentasie vir Engels standaard sewe;
- * nie-verbale I.K. en persentasie vir Wiskunde standaard sewe.

b) Vir dogters in die gewone kursus bestaan daar 'n verband tussen:

- * verbale I.K. en gemiddelde persentasie in standaard sewe;
- * nie-verbale I.K. en persentasie vir Wiskunde standaard sewe.

Hierdie navorsingsresultate benadruk die belangrike rol wat die verbale I.K. en die nie-verbale I.K. van die leerlinge inneem in die resultate wat hulle op skool behaal.

By die meer akademiesgerigte leerling in die gewone kursus kom dit sterker na vore as by die leerlinge in die praktiese kursus.

'n Ontleding van tabel 8.5 en die hipoteses wat aanvaar

is, bevestig ook dat die verbale I.K. meer dui op die taalaanleg en die nie-verbale I.K. op die syfervaardigheid (vgl. par. 7.2.4.1, 7.2.4.2, 8.8.3.4 en 8.8.3.5).

Indien vergelyk met vaderidentifikasie is dit duidelik dat verbale I.K. en nie-verbale I.K. groter proporsies van die variansie in skolastiese prestasie verklaar (vgl. par. 8.8.3.4 en 8.8.3.5).

9.5.4.5 Die verband tussen die intreekenmerke gesamentlik en skolastiese prestasie

Die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur die *intreekenmerke gesamentlik* verklaar word, is hoogs beduidend. Dit geld vir:

- a) Gemiddelde persentasie in standerd sewe by:
 - * seuns gewone kursus;
 - * dogters gewone kursus;
 - * seuns praktiese kursus.
- b) Persentasie vir Afrikaans standerd sewe, by seuns gewone kursus en dogters gewone kursus.
- c) Persentasie vir Engels standerd sewe, by seuns gewone kursus en dogters gewone kursus.
- d) Persentasie vir Wiskunde standerd sewe by seuns gewone kursus en dogters gewone kursus (vgl. par. 8.8.3.6; tabel 8.5).

Dit is veral opmerklik dat die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur die groot aantal affektiewe intreekenmerke gesamentlik verklaar word, baie groot is. Dit onderskryf ook die belangrike rol van die affektiewe intreekenmerke in die skoolopset.

9.5.4.6 Die verband tussen elkeen van die bepaalde affektiewe intreekenmerke en skolastiese prestasie

9.5.4.6.1 *Affektiewe intreekenmerke en die skolastiese prestasie van die groot groep proefpersone*

Uit tabelle 8.5 en 8.11 word gesien dat daar 27 veranderlikes is wat wel beduidende proporsies van die variansie in skolastiese prestasie verklaar. Hierdie beduidende proporsies wat verklaar word, kom by 61 verskillende kombinasies tussen leerlinggroepe en die komponente van skolastiese prestasie voor (vgl. par. 8.8.3.7).

Die proporsie van die variansie in skolastiese prestasie wat deur die veranderlike *aanpassing tuis - Bell*, verklaar word, kom veral prominent na vore (vgl. par. 9.2.3.2).

Net soos by identifikasie met die gesin, is dit veral by die seuns en die dogters in die gewone kursus waar die aanpassing by die huis, 'n besondere verband toon met die skolastiese prestasie van hierdie leerlinge. Dit kom die sterkste na vore by die seuns gewone kur-

sus. Net soos by die identifikasie met die gesin, is die tale by die seuns en dogters gewone kursus, ook hier die belangrikste komponente van skolastiese prestasie. By die seuns praktiese kursus kom die Wiskunde weer in die gedrang en stem ooreen met wat by identifikasie met die gesin vasgestel is.

Hierdie resultate bevestig wat reeds by identifikasie met die gesin vasgestel is, naamlik dat die gesin 'n baie belangrike rol in die lewe van die kind vervul. Die huisgesin dra baie daartoe by dat die kind sukses behaal op skool. Dit suggereer ook weer die belangrikheid van die vader en die moeder as hooffigure in die gesin. Sonder hulle kan die gesin nie ten volle funksioneer nie, is daar nie sprake van opvoedende betrokkenheid van die vader en die moeder of dat hulle aan die kind hulp kan verleen wat sy skolas-tiese vordering betref nie.

9.5.4.6.2 *Affektiewe intreekenmerke en die oorpresteerd-ers, presteerd-ers en onderpresteerd-ers*

In tabel 8.17 is 'n uittreksel gemaak van al die veranderlikes wat nog nie genoem is nie en wat beduidende verskille tussen oorpresteerd-ers, presteerd-ers en onderpresteerd-ers aandui (vgl. tabel 8.12 - 8.15).

Die besondere bydrae van die veranderlike *aanpassing tuis - Bell* om beduidende verskille tussen oorpresteerd-ers, presteerd-ers en onderpresteerd-ers aan te dui, kom hier sterk na vore (vgl. tabel 9.2). Dit sluit aan by die verband tussen hierdie veranderlike

en skolastiese prestasie wat by die groot groep proefpersone vasgestel is (vgl. par. 9.5.4.6.1). By elkeen van die drie leerlinggroepe word beduidende verskille in die gemiddeldes van oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders vasgestel. By elkeen van die groepe is die onderpresteerders telkens swakker aangepas tuis as oorpresteerders of presteerders.

Die kind wat volgens vermoë swakker presteer as wat hy behoort te presteer, is hier die een wat swakker aangepas is by die huis. Dit geld by al die leerlinggroepe. Dit stem ooreen met die beeld van die onderpresteerder soos dit uit die literatuurstudie na vore kom. Die onderprestering begin nie eers gedurende die sekondêre skoolfase nie, hy is gewoonlik reeds onderpresteerder as sy sekondêre skoolfase begin. Die negatiewe akkumulering wat sterk by die onderpresteerder voorkom, word ook hier gesuggerer. Omdat hy reeds onderpresteerder is, is sy aanpassing tuis swak. Die swak aanpassing tuis werk weer verdere onderprestering in die hand, juis omdat die onderpresteerder as gevolg van sy swak aanpassing tuis, nie by sy ouers die nodige hulp en onderskraging ontvang nie. Die onderpresteerder het juis in sy skoolopset, alle moontlike hulp en onderskraging nodig, veral ook van sy ouers midde-in die gesin.

Die veranderlikes wat in verband staan met die skool en die skoolopset van die proefpersone, lewer hier beduidende verskille tussen die gemiddeldes van die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders

(vgl. tabel 9.2; veranderlikes nr. 111-116).

Net soos by die vorige resultate waarna verwys is, is dit hier die seuns en dogters in die gewone kursus, wat meer akademies gerig en meer gemotiveerd is tot akademiese sukses, by wie hierdie verskille die sterkste na vore kom.

By die seuns in die praktiese kursus wat oorpresteerdere, presteerdere en onderpresteerdere is, kom die veranderlikes wat in verband staan met die vader ook sterk na vore (vgl. tabel 8.17; veranderlikes nr. 40, 41, 43, 45, 46, 60, 117). Die belangrike rol van die vader ten opsigte van die seun in die praktiese kursus, sluit aan by die bespreking van paragraaf 9.5.4.1 en onderskryf dit. Veral by die seuns in die praktiese kursus wat oorpresteerdere, presteerdere en onderpresteerdere is, kan derhalwe aanvaar word dat die vaders besondere hulp aan hulle kan verleen wat hulle skoolopset betref.

9.6 SAMEVATTING

Dit is vir hierdie studie primêr ten doel gestel om te bepaal of daar 'n verband bestaan tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie (vgl. par. 1.1.1).

Uit die literatuurstudie is vasgestel dat daar wel so 'n verband bestaan, dog geen verband kon met hierdie eksperimentele ondersoek vasgestel word nie. Vaderidentifikasie het volgens hierdie navorsing, geen effek op die skolastiese prestasie van die seun nie.

Omdat vaderidentifikasie 'n komplekse veranderlike is, is dit empiries moeilik meetbaar. Verskillende redes is aangevoer waarom vaderidentifikasie moeilik meetbaar is. Die kind verinnerlik eienskappe van beide ouers en dit wat gemeet word deur vaderidentifikasie of moederidentifikasie by die kind, is baie waarskynlik meer 'n *produk van die eienskappe van beide ouers*. Die moontlike *drumpeleffek* van vaderidentifikasie is, onder andere, ook as rede uitgewys, so ook die interkorrelasie met ander veranderlikes.

Kognitiewe intreegedrag, waarvan die verstandelike vermoë van die kind, een van die belangrikste is, verklaar beduidende proporsies van die variansie in skolastiese prestasie; derhalwe is I.K., as kognitiewe intreegedrag, belangrik vir die kind om skolasties goed te presteer.

'n Groot aantal affektiewe intreekenmerke, wat 'n verband toon met die gesin waarin die seun opgroei en ook met vaderidentifikasie, verklaar beduidende proporsies van die variansie in skolastiese prestasie. Die aanpassing van die kind by sy ouerhuis, as affektiewe intreekenmerk, neem veral 'n prominente plek in. Die optrede van die vader saam met die moeder in die gesin, maak hulle bydraes tot die skolastiese prestasie van die kind 'n *spanpoging*, 'n *onderlinge vennootskap*, waarin die invloed van die onderskeie partye moeilik *identifiseerbaar en meetbaar* is. Dit geld ook vir die kind se identifikasie met die vader en die moeder.

Die logiese gevolgtrekking is dat vaderidentifikasie nie so belangrik is vir die skolastiese prestasie van die seun nie. Die gesin, met die vader as dié prominente figuur vir die seun, is egter belangrik vir die seun in sy skolastiese vordering.

Die vader se bydrae tot die seun se vordering op skool, vind derhalwe veral vanuit die gesin plaas. Die vader as die ouer wat in die gesin die instrumenteel-superieure rol vervul, funksioneer vanuit die gesin in samewerking met die moeder en ontsluit die seun se vermoëns sodanig dat hy so goed as moontlik presteer.

By die seun en die dogter in die gewone kursus, dus die méér akademiese gerigte leerlinge, verklaar veranderinglikes wat 'n verband toon met die gesin, die skool en die skoolopset, veral beduidende proporsies van die variansie in skolastiese prestasie. Affektiewe intreekenmerke wat wys op die leerling se skoolprestasie en wat sterk na vore kom, is die akademiese selfkonsep van die leerling asook prestasie-motivering.

9.7 AANBEVELINGS

9.7.1 Inleiding

Soos in paragrawe 3.2 en 3.3 genoem, is die doel van opvoeding, onder andere, die ontsluiting van die opvoedeling sodat hy sy lewenstaak vrywillig en op 'n verantwoordelike wyse sal aanvaar en die uitlewing daarvan tot sy eer sal strek. Die aanvaarding van sy

lewenstaak deur die opvoedeling, impliseer dat die ontsluiting s6 moet wees dat alle *sluimerende* en *moontlike* vermoëns ontsluit word. Dit impliseer n appèl wat tot die vader en die moeder gerig word as opvoeders, diegene wat móét ontsluit, om te sorg dat die ontsluiting so volledig as moontlik sal wees.

In n land met n mannekragtekort, veral wat opgeleide natuurwetenskaplike akademici en tegnici betref, is dit derhalwe noodsaaklik dat alle moontlike vermoëns ontsluit en ontwikkel moet word. Daar is in hierdie ondersoek aangetoon dat die vader die ouer is wat die instrumentele-gerigtheid, die meer wiskundige eienskappe by die seun kan ontsluit. Die vader kan derhalwe n besondere bydrae lewer deur sodanige vermoëns by sy seun te ontsluit.

9.7.2 Aanbevelings ten opsigte van die gesin

In die lig van die navorsingsresultate wat daarop dui dat:

- * die gesin asook die vader en die moeder in gesinsverband, n besondere bydrae lewer tot die skolas-tiese prestasie van die akademiesgerigte seun en dogter in die gewone kursus;
- * die seun en die dogter in die gewone kursus hulle met die gesin identifiseer;
- * die oorpresteerders hulle meer met die gesin identifiseer as die onderpresteerders, behoort alles moontlik gedoen te word om te verseker dat

die kind in 'n volledige gesin opgroei.

9.7.3 Aanbevelings ten opsigte van onder- en oorpresteerders

9.7.3.1 Identifisering en remediëring van die onder- en oorpresteerders

- * Aangesien onderprestering reeds gedurende die junior primêre skoolfase voorkom, is dit noodsaaklik dat metodes gevind word om die onderpresteerders reeds gedurende hierdie fase te identifiseer. Remediëring kan dan so vroeg as moontlik begin.
- * Die rekenaar kan gebruik word om met behulp van meervoudige regressie-analise onder- en oorprestering gedurende die junior sekondêre fase op hoërskool te identifiseer. Remediëringsprogramme wat daarop gemik is om onderprestering uit te skakel, kan uitgewerk word en dan met behulp van oriënteringskursusse na die skole en klinieke deurgevoer word.

9.7.3.2 Bekamping van onderprestering

Onderprestering is 'n probleem wat baie meer by seuns voorkom as by dogters en wat baie vroeg in die seun se lewe begin, gewoonlik voor of gedurende die primêre skoolloopbaan. Indien hulp nie verleen word om die negatief akkumulerende effek van onderprestering te stuit nie, kan dit algehele ontsporing en ontydige skoolverlating in die hand werk. Dit is dus noodsaaklik dat die ouers en die skool die onderpresteerder

betyds identifiseer sodat remediëring toegepas kan word.

9.7.3.3 Oriënteringskursusse en die insluiting daarvan by die onderrigprogram van onderwysstudente

Die probleem van onderprestering is so aktueel dat kennis in verband met identifisering en remediëring daarvan deurgedra behoort te word na:

- * Hoofde van skole en departementshoofde opvoedkundige leiding deur middel van oriënteringskursusse, wat dit dan met die ander personeel kan bespreek.
- * Finalejaar onderwysstudente deur dit in te sluit in hulle onderrigprogram.

9.7.4 Affektiewe intreekenmerke en kognitiewe intreegedrag

Die belangrike rol wat kognitiewe intreegedrag en affektiewe intreekenmerke in die skoolopdrag speel, het uit die literatuurstudie sterk na vore gekom.

Die resultate van die eksperimentele ondersoek beklemtoon die beduidende verband tussen:

- * verbale en nie-verbale I.K. as voorbeelde van kognitiewe intreegedrag en skolastiese prestasie;
- * affektiewe intreekenmerke en skolastiese prestasie.

Indien I.K.-toetse dus baie vroeg in die primêre skoolfase afgeneem kan word, sal dit dien as aanduiding van die vermoë van die leerling. Deur die I.K. van die leerling saam met sy skolastiese prestasie te gebruik, kan onderprestering geïdentifiseer word en kan remediëring vroegtydig begin word (vgl. par. 9.7.3.2).

Deur kennis van die verband tussen affektiewe intreekenmerke en skolastiese prestasie in die onderrigprogram van finalejaar onderwysstudente in te sluit, kan seker gemaak word dat hierdie kennis in die praktyk toegepas word. Die beduidende verband tussen die volgende affektiewe intreekenmerke en skolastiese prestasie, behoort spesiale aandag te kry:

- * algemene selfkonsep;
- * akademiese selfkonsep;
- * motivering wat prestasie motivering insluit;
- * identiteitsekerheid, waar veral kennis in verband met identiteitsoeke en identiteitsverwarring van die adolessent belangrik is.

9.8 MOONTLIKE GEBREKE VAN DIE ONDERSOEK

Uit die aard van die saak sal elke ondersoek van hierdie omvang mank gaan aan sekere gebreke. Die volgende word as die belangrikste beskou:

9.8.1 Vraelyste

Die eenvormigheid van die vraelyste (vgl. bylae C1, C2, C3, C4, C5) kan moontlike verveling in die hand

werk.

Die moontlikheid is nie uitgesluit dat sommige proefpersone probleme met die betekenis van sommige van die byvoeglike naamwoorde kon ondervind nie (vgl. bylae C1). Aangesien die teenoorgestelde pole egter telkens gegee is, kon dit nie sy beoordeling veel beïnvloed nie, juis omdat hy op die vyfpuntskaal n beoordeling moes maak. Indien die een byvoeglike naamwoord moontlik onbekend was, sou die teenoorgestelde pool verklarend wees.

9.8.2 Enkelmediumskole

Deurdad slegs Afrikaanse skole in hierdie navorsing gebruik is, is die grootste gedeelte van die immigrante-kinders uitgeskakel. Laasgenoemde groep besoek meestal Engelsmediumskole. Aangesien hulle in baie gevalle die vader ontbeer, is die moontlikheid groot dat daar juis by hierdie groep onderprestering en nie-vader-identifikasie sal voorkom.

9.8.3 Uitvoering van loodstoetse

Indien meer loodstoetse uitgevoer kon word, sou alle leemtes in die vraelyste wat deur die skrywer saamgestel is, uitgeskakel kon word. As gevolg van gebrek aan tyd kon dit egter nie gedoen word nie.

9.8.4 Aantal onafhanklike veranderlikes

n Groot aantal veranderlikes is ingevoer om die invloed

van slegs vaderidentifikasie op skolastiese prestasie vas te stel. As gevolg van die interkorrelasie van verwante veranderlikes, word die variansie in een veranderlike deur die variansie in 'n ander verwante veranderlike verklaar, juis omdat daar 'n aantal veranderlikes is wat so verwant is aan mekaar. So lê vaderidentifikasie en moederidentifikasie *so naby aan mekaar* dat die invloed van vaderidentifikasie nie waargeneem kan word waar moederidentifikasie reeds as kontroleveranderlike in ag geneem is, soos wat die geval met die meervoudige regressie-analise is nie. Die korrelasie tussen vaderidentifikasie en moederidentifikasie, naamlik $r=0,35$ staaf hierdie redenasie. Alhoewel nie baie hoog nie, is dit van die hoogste onderlinge korrelasies vir hierdie navorsing (vgl. par. 9.4.2; tabel 9.3). Tabel 9.3 toon dat die korrelasies tussen vaderidentifikasie en die ander *verwante* identifikasies wat *naby* aan vaderidentifikasie is, redelik is.

Om die probleem van hierdie veranderlikes wat *naby* aan vaderidentifikasie lê, uit te skakel, kan ander veranderlikes, wat nie so nou *verwant* is aan vaderidentifikasie nie, ingesluit word.

9.9 MOONTLIKE NAVORSINGSPERSPEKTIEWE

9.9.1 Inleiding

In hierdie studie het dit duidelik geword dat daar verskeie affektiewe faktore is wat 'n verband toon met skolastiese prestasie. Sommige kom veral by die

onder- en oorpresteerders sterk na vore. Die verband tussen 'n aantal van hierdie veranderlikes en skolas-tiese prestasie is slegs sydelings betrek vir hier-die navorsing, maar regverdig 'n studie in eie reg.

9.9.2 Die verband tussen gesinsaanpassing en sko-lastiese prestasie

Deur tabelle 8.5 en 8.11 te bestudeer kom die beson-dere verband tussen die veranderlike *aanpassing tuis* - *Bell* en skolas-tiese prestasie, sterk op die voor-grond. Die proporsies van die variansie in skolas-tiese prestasie wat deur die veranderlike *aanpassing tuis* - *Bell* verklaar word, is beduidend vir:

a) Seuns gewone kursus:

* gemidddele persentasie in standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder } \textit{aanpassing} \\ \textit{tuis})$$

$$= 0,0288; \quad p < 0,005;$$

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder } \textit{aanpassing} \\ \textit{tuis})$$

$$= 0,0271; \quad p < 0,05;$$

* persentasie vir Engels standerd sewe;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes
sonder *aanpassing*
tuis)
= 0,0213; $p < 0,05$.

b) Dogters gewone kursus; gemiddelde persentasie
in standerd sewe;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes sonder
aanpassing tuis)
= 0,0186; $p < 0,005$.

c) Seuns praktiese kursus; persentasie vir Wiskunde
standerd sewe;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes sonder
aanpassing tuis)
= 0,0763; $p < 0,05$.

Veral by seuns in die gewone kursus kom hierdie ver-
band sterk na vore.

Ander veranderlikes wat ook 'n beduidende verband toon
met komponente van skolastiese prestasie en wat ook
in verband staan met die huis en omstandighede by
die huis van die proefpersoon is (vgl. tabel 8.11;
veranderlikes nr. 37, 38):

- * *aantal kinders in gesin;*
- * *aantal mense in huis.*

Dit blyk derhalwe dat die ouerhuis 'n besondere plek

inneem in die lewe van die kind in die sekondêre skool, veral wat sy skolastiese prestasies betref.

'n Ondersoek met nuwe gegewens waar minder veranderlikes ingevoer word, kan onderneem word met seuns en dogters in die gewone kursus om hierdie bevindinge te verklaar en te bevestig. 'n Soortgelyke ondersoek wat 'n vergelyking tussen seuns in die gewone kursus en seuns in die praktiese kursus insluit, kan ook gedoen word.

9.9.3 Die onder- en oorpresteerders en gesinsaanpassing

Net soos by die groot groep proefpersone, kom die veranderlike *aanpassing tuis - Bell* sterk na vore (vgl. tabel 9.2). Die volgende beduidende verskille tussen oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders is met behulp van hierdie veranderlike vasgestel:

a) Seuns gewone kursus:

* gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 11,18; p < 0,01\};$$

$$\bar{X}_{p+} = 5,73 \quad \bar{X}_p = 5,93 \quad \bar{X}_{p-} = 13,93;$$

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 10,63; p < 0,01\};$$

$$\bar{X}_{p+} = 6,13 \quad \bar{X}_p = 5,27 \quad \bar{X}_{p-} = 13,33;$$

* persentasie vir Wiskunde standerd sewe;
 $\{F(2;42) = 4,43; p < 0,05\};$
 $\bar{X}_{p+} = 5,60 \quad \bar{X}_p = 8,47 \quad \bar{X}_{p-} = 11,67.$

b) Dogters gewone kursus:

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;
 $\{F(2;42) = 3,97; p < 0,05\};$
 $\bar{X}_{p+} = 5,73 \quad \bar{X}_p = 11,07 \quad \bar{X}_{p-} = 12,40.$

c) Seuns praktiese kursus:

* gemiddelde persentasie in standerd sewe;
 $\{F(2;267) = 7,04; p < 0,01\};$
 $\bar{X}_{p+} = 7,96 \quad \bar{X}_p = 8,32 \quad \bar{X}_{p-} = 11,51;$

* persentasie vir Wiskunde standerd sewe;
 $\{F(2;42) = 4,05; p < 0,05\};$
 $\bar{X}_{p+} = 6,67 \quad \bar{X}_p = 10,00 \quad \bar{X}_{p-} = 12,33.$

By elkeen van die groepe is die onderpresteerders telkens swakker aangepas tuis as die oorpresteerders of die presteerders.

'n Ondersoek met 'n vergelyking tussen seuns en dogters in die gewone kursus en met minder veranderlikes, kan onderneem word om hierdie bevindinge te bevestig en te verklaar.

9.9.4 Die verband tussen akademiese selfkonsep en skolastiese prestasie

Uit die literatuurstudie het die belangrikheid van akademiese selfkonsep vir sukses op skool sterk na vore gekom. Uit tabel 8.11 is dit duidelik dat hierdie affektiewe intreekenmerk beduidende proporsies van die variansie in skolastiese prestasie verklaar by nie minder nie as tien kombinasies tussen komponente van skolastiese prestasie en leerlinggroepe (vgl. veranderlikes nr. 113, 114).

Navorsing kan gedoen word waar leerlinggroepe met mekaar vergelyk word om hierdie resultate te verifieer en te bevestig.

9.9.5 Onder- en oorprestering en akademiese selfkonsep

Die Ontleding van tabel 9.2 bevestig dat, net soos by die groot groep leerlinge, akademiese selfkonsep ook tussen die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders beduidende verskille aantoon (vgl. veranderlikes nr. 113, 114). By die seuns in die gewone kursus is beduidende verskille by die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders in al vier die komponente van skolastiese prestasie, vasgestel. Dit geld ook vir altwee die veranderlikes naamlik:

- * *akademiese selfkonsep een;*
- * *akademiese selfkonsep twee.*

In die geval van die dogters gewone kursus, is dit by

ses groepe oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders vasgestel (vgl. tabel 9.2; veranderlikes nr. 113, 114).

'n Onderzoek kan onderneem word om die duidelike verskille wat tussen oorpresteerders en onderpresteerders vasgestel is, te bewerkstellig en te verklaar.

9.9.6 Die verband tussen prestasieмотivering en skolastiese prestasie

Die belangrikheid van motivering as 'n affektiewe intreekenmerk in die skoolopdrag, het sterk uit die literatuurstudie na vore gekom. Uit tabel 8.11 is dit duidelik dat *prestasiemotivering een* en *prestasiemotivering twee* beduidende proporsies van die variansie in skolastiese prestasie verklaar (vgl. veranderlikes nr. 115, 116). Hier is ook 'n aanduiding van 'n verskil tussen die seuns en die dogters in die gewone kursus.

Motivering is 'n noodsaaklike affektiewe intreekenmerk vir sukses op skool en universiteit. Talle vrae rondom hierdie saak is nog onopgelos. Navorsing om hierdie verband te bevestig en om vrae wat verband hou met hierdie onderwerp te beantwoord, kan gedoen word. Die verskil tussen seuns en dogters kan spesiale aandag geniet.

9.9.7 Die onder- en oorpresteerder en prestasie-motivering

Prestasie-motivering as affektiewe intreekenmerk kan by die oor- en onderpresteerder 'n groot rol speel. Uit tabel 8.17 is dit duidelik dat ook hier beduidende verskille tussen oor- en onderpresteerders aangedui is (vgl. veranderlikes nr. 115, 116a - 116c).

Navorsing wat kan meehelp om die probleem van onderprestering op te los, is noodsaaklik en kan onderneem word om genoemde resultate te bevestig en te verklaar.

9.9.8 Die dogter in die gewone kursus en seun in die praktiese kursus se skoolprestasies en die beroepsrigting van die moeder

'n Ontleding van tabel 8.11 bevestig die belangrike rol wat die moeder in die dogter in die gewone kursus en die seun in die praktiese kursus, se lewens speel. Die dogter as groter gevoelsmens as die seun, word skynbaar meer beïnvloed deur die affektiewe faktore wat verband hou met die studievlak en beroep van die moeder, as die seun.

Die seun in die praktiese kursus, wat alreeds nie akademies op gelyke vlak met sy maats in die gewone kursus kan kompeteer nie, het besondere hulp nodig. Indien die beroepsrigting van die moeder 'n besondere invloed op die seun in die praktiese kursus uitoefen, behoort daar spesiaal van kennis geneem te word. Veranderlikes wat 'n verband toon met hierdie bespre-

king en wat beduidende proporsies van die variansie in skolastiese prestasie verklaar, is die volgende (vgl. tabel 8.11, veranderlikes nr. 31, 34, 36):

a) *Studievlak moeder; dogters gewone kursus:*

* gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder studievlak moeder)}$$

$$= 0,0058; \quad p < 0,05;$$

* persentasie vir Wiskunde standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder studievlak moeder)}$$

$$= 0,0334; \quad p < 0,05.$$

b) *Beroep moeder; dogters gewone kursus:*

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder beroep moeder)}$$

$$= 0,0154; \quad p < 0,05.$$

c) *Beroepsaspirasies van kind; dogters gewone kursus:*

* persentasie vir Wiskunde standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder beroepsaspirasies van kind)}$$

$$= 0,0247; \quad p < 0,05.$$

d) *Studievlak moeder; seuns praktiese kursus:*

* persentasie vir Engels standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder } \textit{studievlak} \\ \textit{moeder})$$

$$= 0,0677; \quad p < 0,05;$$

* persentasie vir Wiskunde standerd sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes} \\ \text{sonder } \textit{studievlak} \\ \textit{moeder})$$

$$= 0,0480; \quad p < 0,05.$$

Uit die literatuurstudie het veral die rol wat die studievlak van die vader speel, sterk na vore gekom en verskil van bogenoemde resultate van hierdie navorsing wat die rol van die studievlak van die moeder beklemtoon.

Deur dogters in die gewone kursus te vergelyk met seuns in die praktiese kursus en die invloed van die studievlak en beroepsrigting van die moeder op die skolastiese prestasie van genoemde leerlinge te bepaal, kan die resultate van hierdie navorsing bevestig en verklaar word. Veral waar die moeder al meer die arbeidsmark betree, is navorsing wat 'n verband toon daarmee, en hoedanig dit die kind op skool beïnvloed, belangrik.

9.9.9 Die identiteitsoeke en identiteitsverwarring van die adolessenteseun in die gewone kursus en sy skolastiese prestasie

Tot watter mate die identiteitsoeke en identiteitsverwarring van die adolessent vir hom 'n probleem is, het uit die literatuurstudie sterk na vore gekom. 'n Ontleding van tabel 8.11 toon 'n hele reeks affektiewe faktore, by die seun in die gewone kursus, wat in verband staan met die identiteitsoeke van hierdie seun en wat beduidende proporsies van die variansie in skolastiese prestasie verklaar (vgl. veranderlikes nr. 51, 57, 58, 61, 66, 68):

- * *selfbeoordeling* - Eksteen; persentasie vir Afrikaans standaard sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder selfbeoordeling)}$$

$$= 0,0204; \quad p < 0,05;$$

- * *onderdanigheid, selfstandigheid* - Bell; persentasie vir Wiskunde standaard sewe;

$$R^2 \text{ (alle veranderlikes)} \quad -R^2 \text{ (alle veranderlikes sonder onderdanigheid, selfstandigheid).}$$

$$= 0,0245; \quad p < 0,05;$$

- * *emosionaliteit* - Bell; gemiddelde persentasie in standerd sewe;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes sonder *emosionaliteit*)
 = 0,0084; p < 0,05;

- * *identifikasie met eerste persoon* - Eksteen; gemiddelde persentasie in standerd sewe;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes sonder *identifikasie met eerste persoon*)
 = 0,0086; p < 0,05;

- * *identifikasie met tweede persoon* - Eksteen; persentasie vir Wiskunde standerd sewe;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes sonder *identifikasie met tweede persoon*)
 = 0,0152; p < 0,05;

- * *eiewaarde* - PHSF; persentasie vir Wiskunde standerd sewe;
 R^2 (alle veranderlikes) $-R^2$ (alle veranderlikes sonder *eiewaarde*)
 = 0,0184; p < 0,05.

Die oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders verskil ook ten opsigte van die veranderlike *identiteitsekerheid* - totaal. By seuns in die gewone kursus is die volgende vasgestel (vgl. tabel 8.17,

veranderlikes nr. 110b, 110d):

* gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 3,48; p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_p^+ = 21,47 \quad \bar{X}_p = 19,67 \quad \bar{X}_p^- = 18,27;$$

* persentasie vir Engels standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 3,77; p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_p^+ = 21,27 \quad \bar{X}_p = 17,60 \quad \bar{X}_p^- = 18,47.$$

9.9.10 Die identiteitsoeke en identiteitsverwarring van die adolessentedogter wat onder presteer

n Ontleding van tabel 8.17 toon dat affektiewe faktore n besondere rol speel by die adolessentedogter wat onder presteer. Die volgende faktore wat in verband staan met hierdie emosionele betrokkenheid van die dogter in die gewone kursus, lewer beduidende verskille tussen oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders (vgl. veranderlikes nr. 59b, 69a, 69b, 70b, 70c, 70d, 86):

a) *Vyandigheid, vriendelikheid - Bell:*

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 6,36; p < 0,01\};$$

$$\bar{X}_p^+ = 11,33 \quad \bar{X}_p = 15,73 \quad \bar{X}_p^- = 16,00.$$

b) *Selfbeheer - PHSF:*

* gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 3,18; p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_P^+ = 27,67 \quad \bar{X}_P = 28,33 \quad \bar{X}_P^- = 23,93;$$

* persentasie vir Wiskunde standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 4,26; p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_P^+ = 28,31 \quad \bar{X}_P = 27,80 \quad \bar{X}_P^- = 24,00.$$

c) *Senuweeagtigheid - PHSF:*

* gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 4,64; p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_P^+ = 29,13 \quad \bar{X}_P = 25,20 \quad \bar{X}_P^- = 21,80;$$

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 3,54; p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_P^+ = 27,47 \quad \bar{X}_P = 24,20 \quad \bar{X}_P^- = 22,27;$$

* persentasie vir Wiskunde standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 8,05; p < 0,01\};$$

$$\bar{X}_P^+ = 28,60 \quad \bar{X}_P = 23,53 \quad \bar{X}_P^- = 20,87.$$

d) *IPAT-angsskaal - totaal:*

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 4,11; p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_P^+ = 5,07 \quad \bar{X}_P = 6,93 \quad \bar{X}_P^- = 6,33.$$

Die belangrike rol wat die affektiewe intreekenmerke in die skoolopdrag speel, het duidelik uit die literatuur na vore gekom. 'n Ondersoek kan derhalwe gedoen word om hierdie resultate te bevestig en dit te verklaar.

9.9.11 Die rol van die vader van die adolessente-seun in die praktiese kursus wat onderpresteer

Uit 'n ontleding van tabel 8.17 is dit duidelik dat 'n aantal veranderlikes wat beduidende verskille tussen oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders aantoon, in die besonder verwys na die seun in die praktiese kursus en sy vader (vgl. veranderlikes nr. 40, 41, 43, 45, 60a, 117):

* *volledige gesin*: gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$\{F(2;267) = 7,33; \quad p < 0,01\};$$

$$\bar{X}_{p+} = 1,12 \quad \bar{X}_p = 1,43 \quad \bar{X}_{p-} = 1,62;$$

* *tydperk vader afwesig*: gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$\{F(2;267) = 4,44; \quad p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_{p+} = 0,18 \quad \bar{X}_p = 0,55 \quad \bar{X}_{p-} = 0,83;$$

* *ouderdom vader oorlede*: gemiddelde persentasie in standerd sewe;

$$\{F(2;267) = 3,71; \quad p < 0,05\};$$

$$\bar{X}_{p+} = 7,92 \quad \bar{X}_p = 7,39 \quad \bar{X}_{p-} = 7,38;$$

- * *plaasvervanger vir ouer(s)*: gemiddelde persentasie in standaard sewe;
 $\{F(2;267) = 4,02; p < 0,05\};$
 $\bar{X}_{p+} = 0,18 \quad \bar{X}_p = 0,70 \quad \bar{X}_{p-} = 0,60;$
- * *manlikheid, vroulikheid - Bell*: gemiddelde persentasie in standaard sewe;
 $\{F(2;267) = 20,67; p < 0,01\};$
 $\bar{X}_{p+} = 11,79 \quad \bar{X}_p = 15,05 \quad \bar{X}_{p-} = 19,00;$
- * *tyd vaderloos*: gemiddelde persentasie in standaard sewe;
 $\{F(2;268) = 3,98; p < 0,05\};$
 $\bar{X}_{p+} = 1,16 \quad \bar{X}_p = 1,74 \quad \bar{X}_{p-} = 1,81.$

’n Ondersoek om hierdie resultate te bevestig en te verklaar, kan moontlik lig werp op die probleem van onderprestering by die seun in die praktiese kursus.

9.9.12 Vaderidentifikasie en skolastiese prestasie van die seun in die sekondêre skool

Die noodsaaklikheid daarvan dat die seun hom wel met die vader moet identifiseer, asook die invloed van vaderidentifikasie op die seun se skolastiese prestasie, het uit die literatuurstudie na vore gekom. As moontlike rede waarom daar nie met die eksperimentele ondersoek ’n verband tussen vaderidentifikasie en skolastiese prestasie vasgestel kon word nie, is genoem die groot aantal veranderlikes wat ingevoer is (vgl. par. 9.8.4).

Indien 'n soortgelyke ondersoek as wat in hierdie navorsing onderneem is, gedoen word, maar met die uitskakeling van veranderlikes wat ooreenkomste met vaderidentifikasie toon, kan lig gewerp word op die belangrike onderwerp van vaderidentifikasie en die skolastiese prestasie van die seun. Veranderlikes wat uitgeskakel kan word en wat 'n redelike korrelasie toon met vaderidentifikasie, is (vgl. tabel 9.3):

- * moederidentifikasie $r = 0,35$;
- * identifikasie met gesin $r = 0,31$;
- * selfbeoordeling $r = 0,34$;
- * identifikasie met eerste persoon $r = 0,30$;
- * identifikasie met tweede persoon $r = 0,35$.

9.9.13 Vaderidentifikasie en die skolastiese prestasie van die seun in die senior primêre skoolfase

Die moontlikheid bestaan dat die adolessenteseun so sterk beïnvloed word deur sy maats, dat hy hom eerder met hulle identifiseer as met sy vader. Die identifikasie met sy vader word tot 'n groot mate *verskans* (vgl. par. 9.4.3). Die seun in die laerskool wat hom met sy vader identifiseer, word moontlik nog nie s6 deur sy maats beïnvloed nie, want vir hom is sy pa nog die *held*. Hierdie seun is nog puber en be-leef nog nie die identiteitsoeke en -verwarring van die adolessent nie.

Soortgelyke navorsing as hierdie, maar met minder veranderlikes (vgl. par. 9.8.4 en 9.9.12) en met seuns

en dogters van standerds twee, drie en vier, kan moontlik inligting verskaf in verband met vaderidentifikasie van die seun en sy skolastiese prestasie.

9.9.14 Vaderidentifikasie en skolastiese prestasie van die seun in die junior primêre skoolfase

Die Aantal toetse vir die meting van vaderidentifikasie en wat spesifiek by kleuterskoolleerlinge en die junior leerlinge van die primêre skool gebruik kan word, is beskikbaar (vgl. par. 7.6). Onderprestering kom meer by seuns voor as by dogters (vgl. par. 6.6.4.1 en 6.6.5.1) en kom reeds baie vroeg voor, soms selfs voordat die kind sy skoolloopbaan begin (vgl. par. 6.6.4.5).

Die Soortgelyke navorsing as hierdie, net met minder veranderlikes (vgl. par. 9.8.4, 9.9.12 en 9.9.13) en met seuns van die junior primêre skoolfase, kan gedoen word.

9.9.15 Die seun as leier en vaderidentifikasie

Die moontlikheid bestaan dat die seun wat hom met die vader identifiseer, sterker as leier na vore sal tree, juis omdat hy sosiaal beter aangepas en meer selfversekerd is in die uitlewing van 'n eie manlike identiteit.

Die Onderzoek kan gedoen word met tweedejaar manstude-
dente op universiteit wat in leiersposisies is. Hulle

sal nie meer so beïnvloed word deur hulle medestudente as wat die adolessenteseuns deur hulle maats beïnvloed word nie (vgl. par. 9.4.3 en 9.9.13). Hulle behoort ook nie meer probleme met hulle identiteitsoeke te ondervind nie.

9.9.16 Die ontspoorde gedragsafwykende seun op die Kliniekskool wat onder presteer en vaderidentifikasie

'n Groot persentasie van die gedragsafwykende seuns op Kliniekskole, het 'n gemiddelde of bo-gemiddelde vermoë. Hierdie leerlinge is egter almal onderpresteerders. 'n Soortgelyke navorsing as hierdie, met minder veranderlikes (vgl. par. 9.8.4 en 9.9.12) kan moontlik 'n faset van hierdie seuns se probleem uitlig.

9.9.17 Die neiging tot homoseksualisme en parafilie by die sekondêre skoolseun en vaderidentifikasie

Uit die literatuurstudie blyk dit dat die vader wat nie vir die seun 'n sterk identifikasiefiguur is nie, kan bydra tot homoseksualisme en parafilie. Navorsing in verband met hierdie onderwerp kan derhalwe 'n groot bydrae lewer in die oplossing van genoemde probleme.

9.9.18 Ontwikkeling van 'n toets vir vaderidentifikasie

Deur die vraelyste wat vir hierdie navorsing saamgestel is verder te ontwikkel en te standaardiseer,

kan 'n baie bruikbare meetinstrument vir vaderidentifikasie daargestel word.

9.9.19 Die oorpresteerders en vaderidentifikasie

Soos reeds gesuggereer in par. 9.2.1, dui die resultate wat uit tabelle 8.13 en 8.14 verkry is, daarop dat die oorpresteerders hulle meer met die vaders identifiseer as die presteerders of onderpresteerders en dat dit verdere navorsing regverdig. Die resultate is verkry vir seuns in die praktiese kursus wat oorpresteerders, presteerders en onderpresteerders is in:

* persentasie vir Afrikaans standerd sewe;

$$\{F(2;41) = 2,77; p = 0,07\};$$

$$\bar{X}_{p+} = 145,73 \quad \bar{X}_p = 134,64 \quad \bar{X}_{p-} = 118,20;$$

* persentasie vir Engels standerd sewe;

$$\{F(2;42) = 2,70; p = 0,08\};$$

$$\bar{X}_{p+} = 110,13 \quad \bar{X}_p = 100,00 \quad \bar{X}_{p-} = 108,27.$$

Navorsing kan onderneem word om hierdie verband uit te lig en te verklaar.

9.10 SLOTOPMERKING

Alhoewel daar nie met hierdie eksperimentele navorsing 'n verband tussen vaderidentifikasie en skolasiese prestasie vasgestel kon word nie, het die belangrikheid van die plek wat die vader inneem in die lewe van die seun, veral in gesinsverband, sterk na

vore gekom uit die literatuurstudie en uit die eksperimentele ondersoek. Hoe meer die vader tuis is, sy plek as gesinshoof en as opvoeder inneem, sy eie manwees positief uitleef, in gesprek tree met sy seun, hom ook by manlike aktiwiteite betrek, hoe groter is die moontlikheid dat sy seun hom met sy vader sal identifiseer en dat die seun se manlike geslagsrol-identifikasie positief sal verloop. Die vader kan ook sy adollesenteseun help in sy identiteitsoeke en identiteitsverwarring, sy volwassewording. Dit kan lei tot 'n positiewe algemene selfkonsep wat as affektiewe intreekenmerk in die skoolopdrag kan bydra tot positiewe affektiewe resultate. Suksesse in die skoolopdrag het as residu 'n positiewe akademiese selfkonsep en kan derhalwe onderprestering teenwerk.